


# **Die uitgebreide rol van onderwysers in die aanspreek van die behoeftes van kinders wat weerloos gelaat is in die konteks van MIV/VIGS**

**Esmari Taylor**

*Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereiste vir die graad M Phil Gemeenskap en Ontwikkeling aan die Universiteit van Stellenbosch*



Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie  
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Studieleier: Dr H.E. Prozesky

November 2008

# Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

---

Handtekening

---

Naam

---

Datum

## Bedankings

Die volgende persone verdien spesiale dank:

Dr Heidi Prozesky, my studieleier, vir haar leiding, geduld en ondersteuning.

Die onderwysers en skoolhoofde van die Llingeletu gemeenskap wat hul stories met my gedeel het en my toegelaat het in hul daaglikse lewens en waarsonder hierdie tesis nie moontlik sou wees nie.

My ouers, Willie en Patricia Taylor en susters, Charlene Smit en Mercia Taylor, vir hul vertrouwe in my en dit waartoe ek in staat is.

Al my vriende wat my bygestaan het in hierdie proses, vir hulle belangstelling.

Jesus Christus vir al Sy seënninge.

## Opsomming

Hierdie ondersoek handel oor kinders wat weerloos gelaat is in die konteks van MIV/VIGS. Die MIV/VIGS epidemie laat kinders op verskeie maniere weerloos. Die onderwyssektor het toenemend met weerlose kinders te doen, en dit het die rolle en verantwoordelikhede van onderwysers uitgebrei. Hierdie ondersoek is daarop gemik om vas te stel of onderwysers vir hulself in hierdie konteks 'n rol sien wat verder as formele onderrig strek, en ook hoe onderwysers hierdie rol sien. Die ondersoek is by drie skole in die Llingeletu gemeenskap van Malmesbury uitgevoer: 'n voorskool (die Siphumeze Educare Centre), laerskool (Naphakade Primary School) en hoërskool (Naphakade Secondary School).

In die ondersoek is vasgestel dat onderwysers wel voel dat hulle 'n rol in hierdie konteks het, maar daar was ook sommige deelnemers wat gevoel het dat ander rolspelers eerder die rol moet vervul. Een van die belangrike bevindings van die ondersoek was dan ook dat onderwysers geneig is om hul rol in die konteks van MIV/VIGS in baie beperkte terme te sien. Onderwysers dink dikwels in hierdie verband slegs in terme van kinders wat MIV positief is, en kinders wat op ander manier geaffekteer word, word gevolglik nie in ag geneem nie. Onderwysers, sowel as skole, fokus ook nog dikwels slegs op hul rol in die voorkoming van MIV/VIGS.

Die ondersoek het verder ten doel gehad om vas te stel watter uitdagings in onderwysers se pad staan in hul pogings om 'n uitgebreide rol in weerlose kinders se lewens te speel. Die deelnemers het verskeie uitdagings geïdentifiseer, insluitend dié wat met geheimhouding van MIV/VIGS status verband hou, onder andere as 'n gevolg van stigma en 'n gebrek aan vertroue, en gebrek aan agtergrondsinligting oor leerders, onder andere as gevolg van die feit dat vele onderwysers nie van die gemeenskap afkomstig is nie. Daar is ook sekere faktore geïdentifiseer wat dit vir onderwysers moeilik maak om opvolgwerk te doen, terwyl emosionele uitputting en rolstremming ook deur onderwysers as uitdagings ondervind is. Ten slotte is 'n gebrek aan ondersteuning aan onderwysers ook as 'n uitdaging uitgelig, en verskillende dimensies van ondersteuning is geïdentifiseer, wat wissel vanaf 'n voorligtingsdiens by die skool, tot betrokkenheid van ander rolspelers.

Die ondersoek het ook vasgestel watter hulpbronne en dienste in onderwysers se gemeenskap, asook in die skool waarin hulle werksaam is, tot hul beskikking is. Hulpbronne afkomstig vanuit die skoolkonteks was grootliks afwesig, en dít wat in die gemeenskap beskikbaar is, is nie onproblematis nie. Dit het ook aan die lig gekom dat onderwysers en skoolhoofde oor beperkte kennis beskik oor waarheen hulle kinders kan verwys, en die hulpbronne wat tot hul beskikking is, wat op 'n gebrek aan organisering en koördinerings tussende verskillende organisasies en instellings in die gemeenskap dui. Een van die belangrikste bevindings wat in die ondersoek na vore gekom het, is dat die onderwysers wel hul posisie en toegang tot die gemeenskap kan gebruik om in hierdie verband 'n sterk bydrae te lewer. Hierdie samewerking en integrasie sal ook vir die wyer gemeenskap voordele inhou.

## Summary

This thesis is about children who are vulnerable in the context of HIV/AIDS. The epidemic leaves children vulnerable in a number of ways. The education sector is confronted with vulnerable children and this has caused the roles and responsibilities of teachers to be extended. The research is aimed at determining whether teachers see a role for themselves in this context that extends beyond formal education and also to find out how teachers view this role. The research was conducted at three schools in the Llingeletu community in Malmesbury: a pre-primary school (the Siphumeze Educare Centre), a primary school (Naphakade Primary School) and a high school (Naphakade Secondary School).

The research determined that teachers do feel that they have a role in this context, but there were also those who felt that other role players must rather fulfil this role. One of the most important findings of the research was that teachers often view their role in the context of HIV/AIDS in a limited way. In this regard, teachers often think only in terms of children who are infected by die virus, while not taking into account children who are affected in other ways. Teachers, as well as schools, also often still focus on their role in HIV/AIDS prevention.

A further aim of the research was to determine which challenges prevent teachers from playing an extended role in the lives of vulnerable children. The participants in the research identified various challenges, including those that are a result of keeping HIV status secret, because of stigma and a lack of trust. A further challenge that was identified is a lack of background information about learners, sometimes as a result of the fact that teachers do not come from the community. Factors that make it difficult for teachers to conduct follow up work were also identified, as well as emotional exhaustion and other factors that prevent teachers from playing an extended role. A lack of support was also identified by participants as a challenge and different dimensions of support were identified.

The research also aimed to determine the availability, to teachers, of resources and services in the community as well as the school in which they work. Resources from the school were largely absent and the resources from the community that were identified, were also often problematic. The research also determined that teachers and

principals often have limited information about where they can refer children, as well as with regard to the resources available to them. This indicates a need for better organisation and coordination between the different organisations and institutions in the community. One of the most important findings of the research was that teachers can use their position in the community to make a contribution in this regard. This integration and cooperation will have positive results for the community as a whole.

# Inhoudsopgawe

<b>VERKLARING</b> .....	<b>II</b>
<b>BEDANKINGS</b> .....	<b>III</b>
<b>OPSOMMING</b> .....	<b>IV</b>
<b>SUMMARY</b> .....	<b>VI</b>
<b>FIGURE EN TABELLE</b> .....	<b>XI</b>
<b>HOOFSTUK 1 – INLEIDING</b> .....	<b>1</b>
1.1 Rasionaal vir die ondersoek.....	1
1.2 Onderliggende aannames.....	3
1.3 Kontekstualisering van die ondersoek.....	3
1.4 Navorsingsmetodologie .....	5
1.5 Uitleg van die ondersoek .....	5
<b>HOOFSTUK 2 – LITERATUURSTUDIE</b> .....	<b>7</b>
2.1 MIV/VIGS in Afrika en Suid-Afrika.....	8
2.2 Inwerking van die epidemie op die gesin .....	8
2.3 Wyses waarop die epidemie kinders weerloos laat .....	9
2.4 Die uitgebreide rol van die skool.....	10
2.5 Uitdagings vir die daarstel van die uitgebreide rol van die skool en die onderwyser.....	14
2.6 Die rol van die onderwyser in die uitgebreide rol van die skool.....	15
2.7 Samevatting .....	19
<b>HOOFSTUK 3 - NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE</b> .....	<b>21</b>
3.1 Inleiding.....	21
3.2 Seleksie van gevalle.....	21
3.2.1 Omgewing .....	21
3.2.2 Skole.....	23
3.2.3 Onderwysers en skoolhoofde .....	24
3.3 Data - insameling.....	25
3.4 Dataverwerking en -ontleding .....	28
<b>HOOFSTUK 4 - ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN DATA</b> .....	<b>31</b>
4.1 Die persepsie van onderwysers oor hul rol.....	31



4.1.1	<i>'Ek behandel die kind net soos al die ander kinders' - Aanvaarding....</i>	<b>Error!</b>
	<b>Bookmark not defined.</b>	32
4.1.2	<i>Die onderwyser 'moet betrokke wees, want hulle is betrokke by die kind se opvoeding' – Samewerking .....</i>	33
4.1.3	<i>'Ek dink ons moet aan hulle ons volle ondersteuning gee' - Ondersteuning</i>	35
4.1.4	<i>'Ek weet dat ek aan hulle hoop moet gee' - Hoop .....</i>	36
4.1.5	<i>Opsomming .....</i>	36
4.2	<i>Uitdagings wat deur onderwysers ervaar word .....</i>	37
4.2.1	<i>'...dit is haar status, so ek kan nie daaroor praat nie, want dit is 'n geheim' – Bekendmaking van MIV - status .....</i>	37
4.2.2	<i>“Ons kom nie van hier nie, so ons weet nie” - Gebrek aan agtergronds-inligting.....</i>	38
4.2.3	<i>'So daar is niks wat ons doen as iemand siek is nie' - Faktore wat opvolgwerk belemmer .....</i>	39
4.2.4	<i>'Ek dink daar is net soveel wat jy kan dra' - Emosionele uitputting en rolstremming.....</i>	40
4.2.5	<i>'Ons voel dat ons die groter rol kan speel, as ons kinders na ander mense kan verwys' - Gebrek aan ondersteuning vir onderwysers.....</i>	41
4.3	<i>Dienste en hulpbronne beskikbaar in die skool en gemeenskap .....</i>	42
4.3.1	<i>Hulpbronne uit die gemeenskap .....</i>	43
4.3.2	<i>Hulpbronne uit die skool.....</i>	44
4.4	<i>Samevatting .....</i>	45
	<b>HOOFSTUK 5 - SAMEVATTING .....</b>	<b>47</b>
5.1	<i>Samevatting van bevindings in die konteks van bestaande literatuur .....</i>	47
5.1.1	<i>Die rol van die onderwyser in die konteks van MIV/VIGS .....</i>	47
5.1.1.1	<i>Die skool en onderwysers se rol in die verlede ten opsigte van MIV/VIGS .....</i>	47
5.1.1.2	<i>Dimensies van onderwysers se persepsie van hul rol.....</i>	48
5.1.2	<i>Die behoefte aan 'n uitgebreide rol vir die skool in die gemeenskap.....</i>	49
5.1.3	<i>Uitdagings vir die verwesenliking van die uitgebreide rol van die onderwyser.....</i>	53
5.1.3.1	<i>Bekendmaking van MIV- status.....</i>	53
5.1.3.2	<i>Gebrek aan agtergronds-inligting .....</i>	54
5.1.3.3	<i>Faktore wat opvolgwerk belemmer .....</i>	55
5.1.4	<i>Onvoldoende realisering van die potensiaal van skole .....</i>	56

5.2 Die relevansie van die bevindings .....	56
<b>VERWYSINGSLYS .....</b>	<b>60</b>
<b>ADDENDA.....</b>	<b>64</b>
<b>ADDENDUM A .....</b>	<b>64</b>
<b>ADDENDUM B.....</b>	<b>68</b>

## Figure en tabelle

Figuur 1: Rasseverspreiding van wyke in Malmesbury.....	23
Tabel 1: Werkloosheid volgens ras in Malmesbury .....	23

# Hoofstuk 1

## Inleiding

Onderwysers beskik oor die potensiaal om 'n rol in kinders se lewens te speel wat verder strek as formele onderrig, maar terselfdertyd is daar ook sekere uitdagings wat onderwysers verhoed om die geleentheid wat hulle in hierdie verband voordoen ten volle te benut. Die doel van hierdie ondersoek is om 'n bydrae te lewer tot die gesprek in Suid-Afrika rondom die rol wat onderwysers kan speel in die lewens van kinders wat deur MIV/VIGS geïnfekteer en geïnfekteer is, veral ten opsigte van faktore wat onderwysers verhoed om die potensiaal wat hul posisie bied, te verwesenlik. Die ondersoek wil dus 'n bydrae lewer ten opsigte van die identifisering van aspekte waaraan aandag geskenk sal moet word om onderwysers en die skole waarin hulle funksioneer in staat te stel om 'n optimale rol te speel in die versorging en ondersteuning van kinders in die konteks van MIV/VIGS.

Die formulering van die doelwitte van hierdie ondersoek het ontwikkel uit 'n belangstelling in kinders wat weerloos gelaat is in die konteks van MIV/VIGS: hoe hulle daaglik oorleef en op watter persone en/of instellings hulle staatmaak. Die literatuur het daarop gedui dat die skool as instelling in 'n ideale posisie is om 'n uitgebreide rol in die lewens van hierdie kinders te speel. Prakties gesproke is onderwysers egter die agente wat hierdie nuwe verantwoordelikhede wat met die uitgebreide rol van die skool saamgaan moet aanneem en dus is die ondersoek juis daarop gemik om hierdie rol van onderwysers te ondersoek.

### 1.1 Rasionaal vir die ondersoek

MIV/VIGS is een van die grootste uitdagings in Suid-Afrika en het 'n invloed op die samelewing as geheel. Een van die maniere waarop dit die samelewing affekteer, is dat dit die gesin affekteer en in die proses word kinders op verskeie maniere weerloos gelaat. Die epidemie het 'n impak op die struktuur en die funksionering van die gesin, eerstens deurdat dit veroorsaak dat die gesinseenheid verbreek (Frolich, 2005: 352). Een van die redes hiervoor is dat die epidemie veroorsaak dat persone wat verantwoordelik is om na kinders om te sien, sterf (Pharaoh en Schönteich, 2003:9). As gevolg van die epidemie ontstaan daar ook enkel-ouer huishoudings, kinders wat by hul grootouers woon, asook huishoudings met kinders aan die hoof (Pharaoh en Schönteich, 2003:0). Aangesien die skool as 'n instelling oor tyd toenemend rolle oorneem wat vroeër slegs deur die gesin uitgevoer is (Anderson en Taylor, 2006: 399), kan die afleiding gemaak word dat skole ook deur die epidemie geraak sal

word. Daarom is dit belangrik dat die onderwerp van kinders wat weerloos gelaat word deur MIV/VIGS ook met verwysing na die skool ondersoek word. Navorsing oor die onderwyssektor in die konteks van die MIV/VIGS epidemie dui inderdaad daarop dat die skool, as 'n sentrale instelling in die samelewing, 'n belangrike verantwoordelikheid in die versorging en ondersteuning van weerlose kinders het (Coombe, 2002: vii – viii).

Skole kan beskou word as 'n belangrike skakel in die diensteketting wat beskikbaar is aan weerlose kinders en in die konteks van MIV/VIGS moet die skool se rol uitbrei. Volgens die Departement van Sosiale Ontwikkeling (2005: 21-22) moet skole meganismes ontwikkel vir skoolgebaseerde ondersteuningsmeganismes en –programme ter bevordering van onderwysers se kapasiteit om te reageer op die behoeftes van kinders geaffekteer deur die epidemie, en daar moet ook sisteme ter verwysing na relevante diensverskaffers wees. Die persone waarop die verantwoordelikheid gaan rus om hierdie rol te vervul, is grootliks onderwysers. Die rasionaal van die ondersoek is dus om vas te stel wat onderwysers se persepsie is oor hul rol in die konteks van die uitgebreide funksie wat skole moet vervul in die aanspreek van die behoeftes van leerders wat weerloos gelaat is as gevolg van MIV/VIGS. Daar gaan ook kommentaar gelewer word op uitdagings waarteen onderwysers te staan kom en wat hulle verhoed om hierdie uitgebreide rol te speel, sowel as hulpbronne en dienste waarvan onderwysers gebruik kan maak om hulle by te staan in die uitvoering van hierdie rol. Die doel vir hierdie kwalitatiewe ondersoek is dus ook om onderwysers se reaksie op die nuwe rol in meer diepte te verstaan, aangesien dit uiteindelik sal aandui of die uitgebreide rol en nuwe verwagtinge vir skole haalbaar is of nie. Daar word ook gehoop dat die uitdagings wat deur die bevindings van die ondersoek uitgelig gaan word, as grondslag gebruik sal kan word om vas te stel watter veranderinge aangebring moet word om die skool as instelling te omskep in 'n middelpunt van versorging en ondersteuning vir weerlose kinders. Skole is identifiseer as potensiële “middelpunte van versorging en ondersteuning”, waardeur toegang tot en lewering van dienste aan kinders versterk kan word (Giese, 2003: 3). Die konsep van skole as middelpunte van versorging en ondersteuning stem ooreen met 'n aantal regeringsbeleide en -programme wat ten doel het om dienslewering deur middel van skole te versterk en skole te skep wat die middelpunte van die gemeenskap is (*ibid.*). Giese (2003:7) gebruik die term “middelpunt van versorging en ondersteuning” om te dui op die uitgebreide rol van skole. Hierdie uitgebreide rol van skole is 'n onderwerp waarvoor daar nog min navorsing gedoen is.

## **1.2 Onderliggende aannames**

Die eerste aanname onderliggend aan hierdie ondersoek is dat skole in 'n posisie is om leerders van hulp te wees in krisisse waarteen hulle te staan kom in die konteks van MIV/VIGS. Die rede vir hierdie aanname is dat kinders op 'n vroeë ouderdom met skool begin en ook baie tyd op skool spandeer. Gevolglik neem die skool van die sosialiseringsfunksies wat vroeër deur die gesin verrig is toenemend oor (Anderson en Taylor, 2006: 399). 'n Verdere rede vir hierdie aanname is dat die skool 'n groot aantal kinders bereik: volgens die Wêreldbank (2002: 7) is die potensiaal van skole juis daarin geleë dat die onderwyssektor 'n georganiseerde en effektiewe agent is deur middel waarvan groot getalle kinders van skoolgaande ouderdom bereik kan word, in die sin dat kinders boodskappe van veilige seks kan hoor, maar ook as weerloos geïdentifiseer kan word en die nodige ondersteuning en versorging kan ontvang (Wêreldbank, 2002: 7).

Die tweede aanname onderliggend aan die ondersoek wat van bogenoemde afgelei is, is dat die onderwyser se rol verander soos die onderwyssektor se rol in die konteks van MIV/VIGS verander. Die epidemie stel nuwe vereistes aan die onderwyssektor en daarom ook aan onderwysers (Kelly, 1999:5). Die ondersoek is dus daarop gemik om vas te stel of onderwysers wel vir hulself 'n rol sien in hierdie konteks en dan ook wat onderwysers se persepsies oor die nuwe vereistes is.

## **1.3 Kontekstualisering van die ondersoek**

Die ondersoek het ontwikkel uit 'n belangstelling in hoe kinders deur die MIV/VIGS epidemie affekteer word. Die literatuur het daarop gedui dat die epidemie op die volgende maniere kinders weerloos laat: 'n gebrek aan ouertoesig, beperkte toegang tot opvoeding, en weeskinders wat meer geneig is om in die informele ekonomie te werk (Ghosh en Kalipeni, 2004:304). Die epidemie veroorsaak verder dat kinders die rolle van volwassenes moet oorneem, aangesien VIGS sosiale rolle, regte en verpligtinge ontwig (Barnett en Whiteside, 2002:206). Verder word die beskikbare hulpbronne van huishoudings wat geaffekteer word deur MIV/VIGS verminder, en terselfdertyd vind daar 'n verhoging in die huishoudings se uitgawes plaas (Barnett en Whiteside, 2002:200) wat ook gevolge vir kinders inhou.

My literatuurstudie is dus verder vernou deur spesifiek op weerlose kinders in die konteks van MIV/VIGS te fokus. Die literatuur in hierdie verband dui aan dat skole 'n belangrike rolspeler in hierdie kinders se lewens kan wees. Volgens Coombe (2002:vii) het die onderwyssektor 'n

spesiale verantwoordelikheid ten opsigte van MIV/VIGS, en is daar vier hoofareas waar skole 'n beduidende rol kan speel: (1) voorkoming van die verspreiding van VIGS; (2) sosiale ondersteuning om 'n versorgende omgewing te skep vir diegene geaffekteer deur die epidemie: leerders, insluitend weeskinders en ander weerlose kinders, sowel as opvoeders; (3) die beskerming van die sektor se kapasiteit om kwaliteit onderwys te midde van die epidemie te bied; en (4) die bestuur van die sektor se reaksie tot die krisis (Coombe, 2002:vii-viii). Spesifiek die ondersteunings- en versorgingsrol van skole is in my ondersoek van belang.

Die literatuurstudie is dus verder verfyn om te fokus op die rol van die skool in die versorging en ondersteuning van weerlose kinders in die konteks van MIV/VIGS. Die literatuur dui aan dat daar in die konteks van die epidemie 'n behoefte is om skole se funksies uit te brei om 'n rol te speel in die versorging en ondersteuning van weerlose kinders. In die konteks van MIV/VIGS is skole in die verlede aangewend om boodskappe van veilige seks en sosiale verantwoordelikhede oor te dra. Vandag is dit egter duidelik dat dit nie meer 'n voldoende reaksie is nie, en volgens Coombe (2001:3) moet daar nou na 'n strategie oorbeweeg word wat die volle uitdaging van die epidemie aanspreek en nie slegs op voorkoming fokus nie.

Onderwysers is diegene op wie die verantwoordelikheid vir versorging en ondersteuning rus, en daarom is die fokus van die ondersoek fyner ingestel op die rol van onderwysers in die uitgebreide rol van die skool in die konteks van MIV/VIGS. Die doel van die ondersoek is dus spesifiek om die perspektief van onderwysers oor hul rol in hierdie konteks, die uitdagings wat hulle moontlik verhoed om hierdie rol te speel en die hulpbronne wat tot hul beskikking is om hierdie rol te vervul, beter te verstaan en te ontleed.

Die eenheid van ontleding in hierdie ondersoek is individue, naamlik onderwysers. Daar is ook besluit om onderhoude met skoolhoofde te voer aangesien die skoolhoof se perspektief die aksies wat deur onderwysers geneem word, sal beïnvloed. Die bronne van data is dus onderwysers en skoolhoofde. Volgens Babbie en Mouton (2001: 90-92) kan drie moontlike fokuspeunte onderskei word, naamlik: kenmerke, oriëntasies en optrede. Die fokuspeunte waarvolgens die eenhede van ontleding in hierdie studie ondersoek gaan word, is oriëntasie, naamlik die persepsies van die onderwysers en skoolhoofde, en optrede, naamlik die aksies van die onderwysers en skoolhoofde.

## **1.4 Navorsingsmetodologie**

Die ondersoek was in die kwalitatiewe navorsingsparadigma gesetel, aangesien dit gepoog het om te beskryf en te verstaan, eerder as om te verklaar (Babbie en Mouton, 2001:270). Die ondersoek het dus gebruik gemaak van kwalitatiewe data-insamelingsmetodes, naamlik semi-gestruktureerde onderhoude (Babbie en Mouton, 2001: 270) wat met onderwysers en skoolhoofde in 'n gemeenskap in die Malmesbury area, Llingeletu, uitgevoer is. Die onderhoude is getranskribeer waarna 'n tematiese ontleding binne die raamwerk van die verskillende navorsingsvrae uitgevoer is. Hierdie ontleding is as die bevindings van die ondersoek in die konteks van bestaande literatuur oor die onderwerp bespreek.

## **1.5 Uitleg van die ondersoek**

In die tweede hoofstuk van die ondersoek word die literatuur wat geraadpleeg is om die agtergrond vir die ondersoek te skets en die konteks daar te stel bespreek. Hierdie hoofstuk gaan eerstens aandui watter bronne in die literatuurstudie gedek is en hoe daar besluit is om hierdie bronne in te sluit. 'n Belangrike aspek van hierdie hoofstuk is ook om sleutelkonsepte in die ondersoek, spesifiek “kind” en “weerloos kind”, te konseptualiseer.

Een van die belangrikste doelwitte van hierdie hoofstuk is om aan te dui hoe die navorsingsprobleem ontwikkel het. Die hoofstuk probeer die konteks vir die ondersoek daarstel, deur eerstens MIV/VIGS in Afrika en spesifiek Suid-Afrika te bespreek, met 'n fokus op hoe die epidemie die instelling van die gesin affekteer en gevolglik kinders weerloos laat. Van hierdie bespreking word daar tweedens oorgegaan na die rol van die skool in die lewens van weerlose kinders en hoe die rol van die skool en die onderwyser in hierdie konteks uitgebrei word. Hierdie bespreking is belangrik, aangesien dit aandui hoe idees rondom die skool in hierdie konteks gevorm is, en wat die onderliggende argumente in hierdie verband is. Aangesien 'n onderliggende aanname van hierdie ondersoek is dat onderwysers die grondslag is waarop skole gebou word en daarom dat sodanige idees en argumente direkte implikasies vir onderwysers het, is die literatuurstudie ook daarop gemik om aan te dui wat die rol van die onderwyser in die uitgebreide rol van die skool is.

In die derde hoofstuk van die ondersoek sal die verskillende navorsingsvrae en die sentrale navorsingsprobleem meer omvattend bespreek word. Die seleksie van gevalle wat aan die ondersoek deelgeneem het word ook bespreek in terme van: (1) die breër omgewing of konteks (Llingeletu), (2) die skole in die omgewing, sowel as (3) die ontledingseenhede



(onderwysers en skoolhoofde). Die metode van data insameling sal ook in hierdie hoofstuk verduidelik word, sowel as die rasionaal wat die keuse van hierdie metode onderlê. Hierna sal die wyse waarop die data verwerk en ontleed word, sowel as tekortkominge en beperkings van die data, bespreek word.

In die daaropvolgende hoofstuk sal die data wat tydens veldwerk ingesamel is, in terme van die bogenoemde navorsingsvrae ontleed en volgens sekere temas wat tydens ontleding na vore gekom het, geïnterpreteer word.

In die laaste hoofstuk sal die onderskeie bevindings van die ondersoek saamgevat en die belangrikste bevindings uitgelig word. In hierdie bespreking sal die wyse waarop die bevindings met bestaande literatuur oor die navorsingsonderwerp skakel, met ander woorde hoe die bevindings moontlik met die literatuur ooreenstem en/of verskil, ook aangedui word. Die hoofstuk sal deur middel 'n bespreking van die breër betekenis en relevansie van die ondersoek afgesluit word.

## Hoofstuk 2 Literatuurstudie

Hierdie hoofstuk verskaf 'n oorsig van literatuur wat die agtergrond skets vir my ondersoek en wat lig werp op die sentrale navorsingsprobleem en navorsingsvrae wat my ondersoek lei. Literatuur met 'n teoretiese inslag is geraadpleeg om die teoretiese raamwerk waarin my ondersoek onderneem word, op te stel. Bronne wat handel oor die situasie rakende die MIV/VIGS epidemie in Afrika en ook spesifiek in Suid-Afrika, is ook geraadpleeg. Die literatuurstudie sluit ook 'n oorsig in van die benaderings en bevindinge van ondersoeke soortgelyk aan wat ek onderneem.

Dit is egter eerstens nodig om 'n aantal terme wat belangrik is in my ondersoek, te konseptualiseer. Weerlose kinders is sentraal tot die navorsingsvrae wat my ondersoek rig. 'n **Kind** word primêr op grond van ouderdom gedefinieer, met die mees algemene ooreenkoms dat 18 jaar as afsnypunt moet dien (Skinner *et al.* , 2004:8). In my ondersoek word kinders gelykgestel aan leerders by 'n pre-primêre, primêre en sekondêre skool, aangesien data ingesamel is deur middel van onderhoude met onderwysers by hierdie skole. Die ouderdom van die leerders strek dus vanaf 2 tot 18, maar in die geval van die sekondêre skool is daar 'n moontlikheid dat sommige van hul leerders die ouderdom van 18 oorskry.

'n **Weerlose kind** word beskou as een wat 'geen of beperkte toegang tot basiese behoeftes' het. In Suid-Afrika kan **weerlose kinders** omskryf word as 'kinders wat verwaarloos word, kinders wat behoeftig, arm of verlate is, kinders wie se ouers terminaal siek is, kinders met enkelmoeders, kinders met versorgers wat werkloos is, en/of kinders wat deur versorgers mishandel word' (Skinner *et al.* , 2004:3). Weerloosheid weerspieël sekere aspekte van die konteks van die kind, met ander woorde dat daar in die kind se omgewing probleme geïdentifiseer kan word. Weerloosheid kan ook beteken dat daar nie in sekere van die kind se basiese regte voorsien word nie (Skinner *et al.* , 2004:10).

In die Beleidsraamwerk vir Kinders wat Weerloos is in die Konteks van MIV/VIGS (Departement van Sosiale Ontwikkeling, 2005:13), word die volgende kinders as weerloos beskou: 'Kinders wat weerloos is ten opsigte van die MIV infeksie, kinders wat lede is van huishoudings waar daar persone is wat siek is, of waar kinders as gevolg van onkunde nie universêle voorsorgmaatreëls toepas nie, kinders geïnfekteer deur MIV, kinders met 'n ouer of versorger wat terminaal siek is en dit affekteer die kind op 'n aantal maniere voor en na die

ouer/ouers sterf, kinders met geen oorlewende ouer of versorger om na hom of haar om te sien nie, kinders wat deur ouers, versorgers of uitgebreide gesinslede verlaat word, kinders wat deel van huishoudings is wat vir weeskinders sorg, waar daar gevolglik dikwels verhoogde armoede ondervind word, kinders wat hoë vlakke van mobiliteit tussen huishoudings ondervind, kinders wat die trauma van sterftes beleef, kinders wat deel van huishoudings is waar hulle teen beduidende fisiese, sosiale en emosionele verwaarlosing te staan kom'. Skinner *et al.* (2004:3) se definisie van weerlose kinders dui op weerlose kinders in die algemeen, terwyl die Departement van Sosiale Ontwikkeling van 'n definisie gebruik maak wat spesifiek verwys na weerlose kinders in die konteks, of as gevolg van, die MIV/VIGS epidemie.

## **2.1 MIV/VIGS in Afrika en Suid-Afrika**

Sub-Sahara Afrika is die wêreldstreek wat die ergste deur die globale VIGS epidemie geaffekteer word en binne hierdie streek is Suidelike Afrika die deel wat die swaarste getref word, met Suid-Afrika as een van die lande met die hoogste aantal MIV – infeksies ter wêreld (UNAIDS, 2007:15-16). Suid-Afrika het ook een van die epidemies wat die vinnigste ter wêreld groei – 10% van globale infeksies kom in Suid-Afrika voor (Gouws en Karim, 2005:48). Hierdie statistieke dui daarop dat die epidemie beslis die samelewing soos Suid-Afrikaners dit ken, affekteer.

## **2.2 Inwerking van die epidemie op die gesin**

MIV/VIGS ondermyn die basiese sosiale struktuur van lande wat daardeur geraak word (Frolich, 2005:352). Die strafste impak word op die vlak van huishoudings ervaar (Barnett en Whiteside, 2002:198). Een manier waarop dit manifesteer is die verandering wat dit veroorsaak in die gesin soos ons dit ken. Tradisioneel (volgens 'n funksionalistiese perspektief) is die gesin 'n basiese instelling van enige samelewing en dit voorsien versorging, sosialisering en sekuriteit (Anderson en Taylor, 2006: 398). Die epidemie veroorsaak egter die verbrokkeling van die gesinseenheid (Frolich, 2005:352). Een van die redes hiervoor is dat die epidemie die lewens eis van mense tussen 25 en 49, wat beteken dat die persone wat verantwoordelik is om na kinders om te sien, sterf (Pharaoh en Schönteich, 2003:9).

Een van die maniere waarop huishoudings probeer aanpas by die aanslag van die epidemie, is deur hul samestelling te verander; dit beteken dat nuwe vorme van huishoudings in reaksie op

die impak ontwikkel (Barnett en Whiteside, 2002:188). Die epidemie lei verder tot die ontstaan van enkel-ouer huishoudings, kinders wat by hul grootouers woon en ook huishoudings met kinders aan die hoof (Pharaoh en Schönteich, 2003:9).

### **2.3 Wyses waarop die epidemie kinders weerloos laat**

Na aanleiding van hierdie veranderings wat die epidemie in huishoudings en gesinne veroorsaak, is dit duidelik dat die epidemie die lewens van kinders in Suid-Afrika affekteer en hulle weerloos laat. Ghosh en Kalipeni (2004:304) dui op 'n aantal spesifieke aspekte wat weeskinders weerloos laat, naamlik 'n gebrek aan ouertoetsig, beperkte toegang tot opvoeding, en weeskinders se hoër geneigdheid om in die informele ekonomie te werk.

Verder ontwig VIGS sosiale rolle, regte en verpligtinge en dit beteken dat kinders dikwels die rol van volwassenes moet aanneem (Barnett en Whiteside, 2002:206). Die wyse waarop kinders ontwig word, is ook duidelik in die aantal weeskinders as 'n gevolg van VIGS- verwante sterftes in Suid-Afrika wat voorspel is om teen 2014 tot oor 5 miljoen toe te neem (Frolich, 2005:351). Globaal het die VIGS epidemie tot op hede al 13.2 miljoen weeskinders agtergelaat, waarvan 95% in Afrika voorkom. In hierdie geval verwys weeskinders na kinders wat voor die ouderdom van 14 hul ma of beide hul ouers as gevolg van MIV/VIGS aan die dood afgestaan het (Barnett en Whiteside, 2002:198).

Dit is egter nie slegs weeskinders wat weerloos gelaat word nie. 'n Beraamde 61% van die kinders in Suid-Afrika leef in armoede, en as gevolg van die verband tussen armoede en MIV infeksie, kan die afleiding gemaak word dat 'n groot proporsie van hierdie kinders ook deur MIV geaffekteer word (Ebersöhn en Eloff, 2002:77). Die hulpbronne beskikbaar aan huishoudings wat geaffekteer word deur MIV/VIGS verminder en terselfdertyd vind daar 'n verhoging in die huishoudings se uitgawes plaas (Barnett en Whiteside, 2002:200). Al hierdie tendense hou gevolge vir kinders in.

Die lewens van die kinders wat geïnfecteer of geaffekteer word deur die epidemie verander, en so ook hul behoeftes. Dit beteken dat hierdie kinders, ook ten opsigte van hul onderrig, spesiale behoeftes het. Eerstens sal leerders dikwels 'n fisiese agterstand hê, as gevolg van voedings- en ekonomiese tekorte. Hierdie kinders se skoolbywoning en -prestasie neem ook af en dit mag ook wees dat hulle MIV-verwante diskriminasie moet verduur (Coombe, 2004:113.). Coombe (*ibid.*) noem verder dat kinders geaffekteer deur die epidemie in omstandighede van trauma en verlies moet skoolgaan. Selfs al woon hierdie kinders skool by,

sal hul bywoning minder konstant wees, hul vordering sal onderbreek word en hul akademiese prestasie sal swakker wees (Barnett en Whiteside, 2002:204).

## **2.4 Die uitgebreide rol van die skool**

As gevolg van die hoë VIGS-syfer in Suid-Afrika, word 'n groot aantal weerlose kinders as leerders in die land se onderwyssektor aangetref. Die uitdagings wat hiermee gepaardgaan, het denke oor opvoeding verander. Volgens Coombe (2002:vii) het die onderwyssektor 'n spesiale verantwoordelikheid ten opsigte van MIV/VIGS en is daar vier hoofareas waar skole 'n beduidende rol kan speel: (1) voorkoming van die verspreiding van VIGS; (2) sosiale ondersteuning om 'n versorgende omgewing te skep vir diegene geaffekteer deur die epidemie; leerders, insluitend weeskinders en ander weerlose kinders, sowel as opvoeders; (3) die beskerming van die sektor se kapasiteit om kwaliteit onderwys te bied te midde van die epidemie; en (4) die bestuur van die sektor se reaksie tot die krisis (Coombe, 2002:vii-viii). Spesifiek die ondersteunings- en versorgingsrol van skole in die lewens van weerlose kinders is in my ondersoek van belang. Hierdie rol impliseer dat 'n uitbreiding van die funksies van skole sal moet plaasvind, en uiteindelik dat die rol van onderwysers sal moet uitbrei.

Die Verenigde Nasies beskou ook die uitbreiding van die rol van die skool om versorging te bied as een van die prioriteitsareas in die opvoeding van weeskinders en ander weerlose kinders (UNAIDS, 2004:2). Die Verenigde Nasies noem dan ook dat een van die maniere waarop die skool hierdie kinders kan ondersteun, is deur die skakeling met sosiale gemeenskapsdienste en -netwerke, en die koördinerende van multisektor- en vennootbetrokkenheid. Dit impliseer dus dat die skool 'n belangrike rol moet speel in die daarstel van vennootskappe (UNAIDS, 2004:2). Volgens die Verenigde Nasies is dit moontlik vir skole om hierdie rol te speel, aangesien onderwys-sisteme verder in gemeenskappe strek as die meeste ander openbare instellings, maar die hulpbronne en potensiaal word dikwels nie ten volle gerealiseer nie. Die MIV/VIGS realiteit kan egter as 'n katalis optree om vinniger verandering in skole teweeg te bring. Hierdie verandering sal ook voordele inhou vir die onderwysstelsel in geheel, nie slegs vir geïnfekteerde of geaffekteerde kinders nie (UNAIDS, 2004:12). Spesifieke optrede wat gevolg kan word om die rol van skole uit te brei, is onder andere die bevordering van verenigings van onderwysers, ouers en die gemeenskap wat skole kan ondersteun en betrokkeheid by die bestuur van skole te fasiliteer, en ander inisiatiewe, soos nasionale skoolvoedingsprogramme, wat in opvoedings-, gesondheids- en voedingsbehoefes van kinders voorsien (UNAIDS, 2004:12).

Verdere stappe wat geneem kan word, is om die bestaande skakels tussen die skool en die gemeenskap se sosiale dienste en geestelike organisasies uit te brei, en hierdie dienste en organisasies ook meer toeganklik vir kinders en adolessente te maak. Dit moet ook gender sensitief wees, om om te sien na die unieke behoeftes van weerlose groepe ten opsigte van gesondheidsdienste, voedsel, psigososiale ondersteuning en die bestuur van huishouding in die geval van kinders sonder versorgers (UNAIDS, 2004:12). Die skool moet ook inisiatief neem in die skep van skakels met die gemeenskap, wat geleenthede bied aan leerders om opleiding te ontvang in inkomste-generende aktiwiteite, soos byvoorbeeld skooltuine (UNAIDS, 2004:13).

Hierdie tendens stem ooreen met die funksionalistiese perspektief op veranderinge in die verhouding tussen die gesin en onderwys as sosiale instellings. Dié perspektief interpreteer die gesin as 'n eenheid wat in sekere van die samelewing se behoeftes voorsien, onder ander die sosialisering van die jeug, regulering van seksuele aktiwiteite en voorsiening van fisiese versorging (Anderson en Taylor, 2006: 398). Ander instellings het egter begin om van die funksies wat oorspronklik deur die gesin vervul is, oor te neem. 'n Voorbeeld hiervan is skole. Kinders woon deesdae op 'n vroëer ouderdom skool by en spandeer meer tyd in skole, en sodoende het skole van die gesin se rolle met betrekking tot veral die sosialisering van kinders oorgeneem (Anderson en Taylor, 2006: 398).

Die Wêreldbank het ook al die potensiaal van die onderwysstelsel in die konteks van MIV/VIGS erken, en noem die onderwys 'n 'Venster van Hoop' aangesien dié sektor 'n verskil kan maak, deurdat dit 'n georganiseerde en effektiewe manier verteenwoordig om groot getalle kinders van skoolgaande ouderdom - die groep wat die grootste risiko vir infeksie het, maar ook die mees ontvanklik is vir pogings om optrede te verander - te bereik (Wêreldbank, 2002:7).

In die konteks van MIV/VIGS, is skole in die verlede aangewend om boodskappe van veilige seks en sosiale verantwoordelikhede oor te dra. Vandag is dit egter duidelik dat dit nie meer 'n voldoende reaksie is nie, en volgens Coombe (2001:3) moet daar nou na 'n strategie oorbeweeg word wat die volle uitdaging van die epidemie aanspreek en nie slegs op voorkoming fokus nie. Coombe het dus wegbeweeg van 'n noue siening van MIV en opvoeding waarvolgens die skool 'n rol in voorkoming speel, deur inligting te verskaf oor seksualiteit en veilige seks, met die hoop om verspreiding te voorkom (Coombe, 2001:3). Hierdie siening van Coombe stem ooreen met die feit dat Suid-Afrika, as 'n gevolg van die

toename in die voorkoms van MIV en die mislukking om die verspreiding van die epidemie te beheer, 'n groot VIGS epidemie in die gesig staar. Daarom moet die land nou, in plaas daarvan om net te fokus op voorkoming, ook fokus op die grootskaalse gevolge van die oorskakeling van MIV na VIGS (Whiteside en Sunter, 2000:66).

Dit is onvermydelik dat die onderwysstelsel in die konteks van MIV/VIGS onveranderd kan bly, aangesien die epidemie die rol van die onderwys as instelling affekteer, deur nuwe vereistes daaraan te stel. Kelly (1999:5) noem 'n paar van hierdie vereistes: die nuwe beradingsrolle wat onderwysers en die stelsel in sy geheel moet aanneem; die behoefte aan 'n nuwe beeld van die skool as die middelpunt vir die uitdra van boodskappe oor MIV/VIGS aan sy eie leerders en personeel, sowel as aan die onderwysgemeenskap en aan die gemeenskap wat die skool dien; en die skool se behoefte om gesien te word as 'n veeldoelige ontwikkelings- en welsynsinstelling wat meer as formele skool-opvoeding, in die tradisionele sin van die woord, verskaf.

Hierdie uitgebreide visie verwys ook na die idee dat die skool die middelpunt van die gemeenskap moet wees (Kelly, 2005:89). Hierdie visie is gebaseer op die feit dat die meeste weeskinders en ander weerlose kinders geaffekteer deur MIV/VIGS by 'n oorlewende ouer of uitgebreide gesin woon, en dat dit dus in die gemeenskap is waar werklike oplossings vir die probleme waarteen hierdie kinders te staan kom, gebied word (Kelly, 2005:88). 'n Verdere motivering vir die uitgebreide rol van die skool, is dat die plaaslike gemeenskap die grootste gedeelte van die dag-tot-dag ondersteuning aan weerlose gesinne en hul kinders voorsien (Frohlich, 2005:359).

Volgens Kelly geld die ondersteuning wat die plaaslike gemeenskap bied ook vir die uitdagings wat in die onderwyssektor ervaar word: "Dit beteken dus dat indien skole werklik wil voorsien in die behoeftes van leerders wat weerloos gelaat is as gevolg van die epidemie, sal skole geïntegreer moet word in die gemeenskappe wat deur die skole gedien word" (Kelly, 2005: 88). Die huidige realiteit is dat daar 'n gebrek aan samewerking tussen skole en gemeenskappe is, en daar word dus 'n nuwe visie benodig wat skole die hart van 'n gemeenskap maak, en konkrete aksie is nodig om dit te bewerkstellig. Dit beteken dat die skool sal moet verander in 'n veeldoelige welsyns- en ontwikkelingsentrum wat sal dien as die middelpunt waar, in samewerking met personeel, gemeenskappe en eie inisiatiewe deur die skool, welsynsbehoefte insluitend onderwys, gesondheid, voedselproduksie aangespreek kan word (Kelly, 2005: 88). In hul nuwe rol sal skole die plek word waar gesinne, lede van

die gemeenskap, opvoeders, gesondheidswerkers, landbouwerkers, maatskaplike werkers, ander spesialispersoneel, plaaslike religie-liggame en nie-regerings organisasies bymeekaarkom en 'n geïntegreerde plan ontwikkel om die uitdagings van MIV/VIGS ten opsigte van kinders, en hoe dit op hulle inwerk, te ontwikkel (Kelly, 2005: 88).

Hierdie visie stem ooreen met navorsing wat uitgevoer is deur die Children's Institute van die Universiteit van Kaapstad (in opdrag van die Nasionale Departement van Gesondheid) om voorstelle aan die hand te doen rakende dienste om die groeiende aantal weerlose kinders in Suid-Afrika te bereik. Een van die sleutelvoorstelle wat uit die navorsing voortgevloei het, is dat geleentheid om weerlose kinders te bereik, deur bestaande infrastruktuur uitgebrei moet word (Giese, 2003:3). Skole is geïdentifiseer as potensiële middelpunte van versorging en ondersteuning, en ook as plekke waar die toegang tot en lewering van dienste aan kinders versterk kan word (Giese, 2003:3). Die feit dat kinders in krisis-situasies op volwassenes staatmaak, dui ook op die belangrike posisie wat die onderwyssektor inneem om 'n rol te speel in die lewens van kinders wat deur die epidemie geaffekteer word. Die skool bied vir hierdie kinders 'n plek waar hulle gesosialiseer kan word en kan ontwikkel, en dit bied ook volwasse toesig en aandag, sowel as emosionele ondersteuning, voedings-, gesondheids- en lewensoriënteringopleiding wat volgens Hepburn (2002:90) kinders in staat stel om hulself te beskerm.

Die geïmpliseerde vennootskap tussen die staat, godsdienstige organisasies, nie-regerings organisasies, gemeenskapsgebaseerde organisasies en die privaatsektor is verder ook belangrik, aangesien dit een van die maniere is om die onderwyssektor te help om sy kapasiteit om sy primêre take te vervul, te versterk (Cohen, 2002:19). Dit beteken dat bogenoemde instellings deel van die reaksie van die onderwyssektor moet wees en dit is verder belangrik dat onderwysers en al hul instellings, soos vakbonde en professionele verenigings, ouers en grootouers, insluitend ouer- en onderwyserverenigings ook betrek word (Cohen, 2002:19-20). Coombe is van mening dat samewerking en vertroue Suid-Afrika se reaksie tot MIV/VIGS moet kenmerk. Dit beteken dat groter betrokkenheid deur gemeenskappe, ouers en plaaslike leiers deur die skool se bestuursliggaam bewerkstellig moet word (Coombe, 2000:24).

Hierdie kollektiewe reaksie van vennote tot MIV/VIGS kan beskou word as 'n geleentheid waarop langtermyn onderwys-, gesondheids- en sosiale behoeftes deur skole aangespreek kan



word (UNAIDS, 2004:2). Die uitbreiding van die rol van die skool sal dus nie slegs in die konteks van MIV/VIGS vir leerders voordele inhou nie.

## **2.5 Uitdagings vir die daarstel van die uitgebreide rol van die skool en die onderwyser**

Daar is egter sekere beperkings en uitdagings wat oorkom sal moet word om die visie van 'n uitgebreide rol vir skole te realiseer. Die eerste struikelblok is dat daar nog geen duidelike definisie is van die sektor se rol in sosiale ondersteuning, of van skole se rol in plaaslike strategiese beplanning nie (Coombe, 2004:123). Dit kan dus probleme veroorsaak vir die realisering van hierdie visie, tesame met die feit dat daar beperkte leierskap is ten opsigte van sosiale ondersteuning in akademiese instellings, byvoorbeeld in die daarstel van 'n versorgende omgewing vir diegene geaffekteer deur die epidemie (Coombe, 2004: 123). Die Departement van Sosiale Ontwikkeling stipuleer egter in die Beleidsraamwerk vir Weeskinders en Ander Kinders Weerloos gelaat in die Konteks van MIV/VIGS (2005:21-22) dat skole meganismes moet ontwikkel vir skoolgebaseerde ondersteuningsisteme, en dat programme ontwikkel moet word om die kapasiteit van onderwysers te bevorder wat hulle in staat sou stel om holisties te reageer op die behoeftes van leerders geaffekteer deur die epidemie. Volgens hierdie beleidsraamwerk moet daar ook verseker word dat sisteme ter verwysing na relevante diensverskaffers, soos maatskaplike werkers en verpleegsters, in plek is.

In benadeelde gebiede verskerp die epidemie die uitdagings wat reeds deur die onderwysstelsel ervaar word (Rayners, 2007:12). Skole in arm gemeenskappe in Suid-Afrika kom te staan teen 'n gebrek aan orde in gemeenskapstrukture, vandalisme, negatiewe portuurgroepinvloede, 'n omgewing sonder stimulasie, 'n swak ingesteldheid teenoor die skool en skoolwerk en konflik tussen die waardes wat by die skool en by die huis gehandhaaf word (Prinsloo, 2004:160). Hierdie uitdagings maak dit moeilik vir die skool om sy rol in die gemeenskap te vervul.

Mense wat deur die epidemie geaffekteer word, word dikwels as gevolg van stigma verhoed om toegang tot sosiale ondersteuningsmeganismes te kry. Dit lei ook daartoe dat MIV/VIGS- verwante sterftes van gesinslede of vriende nie erken word nie (Coombe, 2004:107).

## 2.6 Die rol van die onderwyser in die uitgebreide rol van die skool

Moodley *et al.* (2004: 66-67) noem dat die Grondwet van Suid-Afrika (1996, Hoofstuk 2) en die Nasionale Skolewet (1996) stipuleer dat daar teen geen persoon op grond van byvoorbeeld siektetoestand gediskrimineer mag word nie. Dit impliseer dat MIV-geïnfekteerde leerders in die hoofstroom van die onderwys opgeneem word. Hierdie kinders word dus onderrig in klasse wat deur onderwysers behartig word wat nie spesialis-beraders of VIGS-opvoeders is nie. Dit het tot gevolg dat bykomende eise aan hierdie onderwysers gestel word, om te kan voorsien in die behoeftes van MIV-geïnfekteerde leerders (Moodley *et al.*, 2004:66-67). Hierdie bykomende vaardighede waarvoor onderwysers moet beskik om met leerders wat MIV-positief is om te gaan, sal ook vereis word van onderwysers wat werk met leerders wat op ander wyses deur die epidemie geaffekteer word.

Die spesifieke bykomende vaardighede waarvoor onderwysers moet beskik, sluit in: bekendheid met beleidsaspekte, byvoorbeeld ten opsigte van die bekendmaking van MIV status; die vaardigheid om gedrag te verander, soos byvoorbeeld gedrag van leerders wat hul weerloos maak ten opsigte van die MIV virus; vaardighede vereis deur multikulturele onderwys; die vaardigheid om MIV/VIGS opvoeding te kan behartig; die vaardigheid om te versorg en te ondersteun, om die belange van weeskinders te behartig, geslags- en seksopvoeding te bied en die vaardigheid om berading te kan doen (Moodley *et al.*, 2004:67-72).

Die vaardighede wat veral van toepassing is op my ondersoek, is die vaardigheid om te versorg en te ondersteun. Hierdie rol van onderwysers is selfs meer belangrik in die konteks van MIV/VIGS. Dit behels dat die onderwyser 'n veilige omgewing vir die leerder moet skep (Moodley *et al.*, 2004: 69). Die vaardighede om die belange van weeskinders te behartig, is ook belangrik: die onderwyser moet help met die las wat weeskinders dra, sowel as met psigo-sosiale probleme as gevolg van stigmatisering. Daar kan sover gegaan word as om te sê dat die onderwysers as surrogaat-ouers van sulke leerders moet optree. Die onderwyser is dus 'n 'plaasvervanger-ouer' wat leerders moet help om hul omstandighede te bowe te kom en 'n menswaardige toekoms tegemoet te kan gaan (Moodley *et al.*, 2004: 71). Die onderwyser moet ook oor die vaardigheid beskik om berading te kan doen, wat die onderwyser in staat sal stel om die leerders te bemagtig om byvoorbeeld ingeligte en verantwoordelike besluite te neem. Dit is belangrik vir onderwysers om oor hierdie vaardighede te beskik, aangesien hulle

hulself toenemend in situasies gaan bevind waar berading gegee moet word, veral soos die voorkoms van MIV toeneem (Moodley *et al.*, 2004:71-72).

Die realiteit van MIV/VIGS vereis dat onderwysers beter vir die berading en versorging van kinders voorberei moet word. Dit beteken dat berading deel moet vorm van opleiding van die onderwysers van die toekoms (Kelly, 2005:82). 'n Onlangse oorsig van Universiteits- en Kollege-gebaseerde onderwysopleidingsprogramme in Suid-Afrika toon egter dat sommige instellings 'daaroor dink' om voor te berei vir onderrig in MIV/VIGS kurrikula, terwyl ander nog glad nie in hierdie rigting beweeg nie (Coombe, 2004:119-120).

Kelly (2000:36) is van mening dat die huidige reaksie van skole op MIV/VIGS té veel op die onderwyser staatmaak as die persoon wat inligting voorsien en houdings ontwikkel. Hy voel dat, as gevolg van 'n gebrek aan kundigheid en opleiding, persoonlike sensitiwiteit en die ouderdomsverskil tussen onderwysers en jongmense, die onderwyser nie noodwendig die regte agent vir hierdie rol is nie. Volgens Kelly (2000:36) moet die voordele van vele nie-formele opvoedingsprogramme geïnkorporeer word in die onderwys se reaksie tot die epidemie. Sulke programme sluit veral die betrokkenheid in van ouers, lede van die gemeenskap en jeug uit die gemeenskap.

Aan die ander kant is onderwysers baie gunstig geplaas om tekens van weerloosheid te identifiseer. Navorsing onderneem deur die Children's Institute (Wilson *et al.*, 2002:4) dui daarop dat hoe meer gereeld en konstant 'n diensverskaffer (soos onderwysers, verpleegsters, maatskaplike werkers en tuisversorgers) se kontak met die kinders is, hoe meer gunstig is die persoon geplaas om tekens van weerloosheid te identifiseer. 'n Onderwyser spandeer ure elke week met 'n groot aantal kindes en hy/sy moet weet as 'n kind afwesig is, of as daar verandering in optrede of houding van 'n kind is (Wilson *et al.*, 2002:32). Dit plaas onderwysers in 'n unieke posisie om kinders vir tekens van nood waar te neem. Die onderwyser kan dan die geval na 'n maatskaplike werker verwys om die kind se huislike omstandighede te ondersoek en die toepaslike ondersteuning te bied (*ibid.*).

Die identifikasie van weerlose kinders kan gefasiliteer word deurdat onderwysers meer bewus gemaak word van waarskuwingstekens van weerloosheid en deurdat geleenthede geskep word vir kinders en hul versorgers om oor hul ondervindings en probleme te praat (Wilson *et al.*, 2002:32). Gapings in die bewustheid, kennis, bekwaamheid en kapasiteit van diensverskaffers, veral gesondheidswerkers en onderwysers, het 'n negatiewe inwerking op

hul vermoë om die geleentheid wat hul kontak met kinders verteenwoordig, ten volle te benut (Wilson *et al.*, 2002:37). Onderwysers, as diensverskaffers, moet meer bewus gemaak word van kwessies waarteen kinders te staan kom in die konteks van die VIGS epidemie, en aangemoedig word om omgewings te ontwikkel waarin hulle nie self bydra tot die weerloosheid van kinders nie. Hulle moet dus maatreëls ontwikkel, of voorsien word van sodanige maatreëls, om te help met die identifisering en monitering van kinders se weerloosheid en vir die verwysing van kinders na die toepaslike ondersteuningsbronne (*ibid.*). Die sukses van hierdie benadering vereis goeie samewerking, verwysingsnetwerke en werkende vennootskappe tussen relevante rolspelers (*ibid.*).

In die meeste gevalle is identifikasie van weerlose kinders nie werklik van nut indien dit nie opgevolg word deur 'n vorm van ondersteuning of verwysing nie. Agentskappe wat die beste geplaas is om kinders te ondersteun, is egter selde dieselfde agentskappe wat die beste geplaas is om weerlose kinders te identifiseer. Daarom is netwerke en samewerking tussen rolspelers baie belangrik. Dit beteken dat indien 'n onderwyser 'n kind identifiseer wat weerloos is, moet hy/sy weet na wie die kind verwys moet word, watter inligting vereis sal word en watter prosedures om te volg om die verwysingsproses te voltooi (Wilson *et al.*, 2002:33). Dit dui weer op die behoefte - waarna hierbo verwys is - dat skole en die wyer gemeenskap nouer moet saamwerk.

Onderwysers is in 'n uitstekende posisie om tekens van verandering in 'n kind, of kinders wat dikwels afwesig is of skool verlaat, raak te sien. Die realiteit is egter dat die meeste skole wat deur die Children's Institute bestudeer is, nie daarin slaag om weerloosheid te identifiseer nie, en ook bydra tot weerloosheid, deurdat kinders gestraf word omdat hulle nie in die klas konsentreer nie, of as hulle laat of afwesig is, of nie skoolgelde betaal nie (Wilson *et al.*, 2002:34). Om die rol van skole en onderwysers in die identifisering en ondersteuning van weerlose kinders te verbeter, moet die redes onderliggend aan hierdie dikwels onvanpaste reaksie tot weerloosheid verstaan word (Wilson *et al.*, 2002:34).

Daar is verskeie hindernisse in skole wat uit bogenoemde ondersoek na vore gekom het. Van die faktore wat die identifikasie, ondersteuning en monitering van weeskinders in skole, ondermyn, sluit in: die moeilike werksomstandighede van en onvoldoende ondersteuning vir onderwysers, onderwysers se beperkte kennis oor kinders se huislike omstandighede, onderwysers se lae vlakke van kennis oor dienste wat beskikbaar is om kinders te verwys en 'n oormatige steun op oorwerkte maatskaplike werkers (Wilson *et al.*, 2002: 34 - 35). As

gevolg van 'n gebrek aan ondersteuning aan onderwysers is hulle ook huiwerig om verdere verantwoordlikhede aan te neem (Giese, 2003:24). 'n Verdere uitdaging wat verband hou met die onderwysstelsel, is dat tradisionele maniere van doen en hoe onderwysers hul rol sien, verander sal moet word vir die uitgebreide rol van skole en onderwysers om te slaag (Giese, 2003: 24).

Hindernisse wat verband hou met die gemeenskap is: 'n gebrek aan persone of organisasies na wie weeskinders verwys kan word vir assessering of ondersteuning, onvoldoende integrasie met ander dienste, soos maatskaplike werkers en gesondheidswerkers in die onderwysstelsel (Wilson *et al.*, 2002:34-35). Giese (2003: 25) noem ook dat probleme in ander relevante regerings departemente 'n impak het op die vermoë van skole om 'n rol te speel in die versorging en ondersteuning van kinders, en noem as voorbeeld 'n tekort aan verpleegsters en maatskaplike werkers.

As gevolg van die aard van die epidemie en die stigma wat daarmee gepaard gaan, is daar ook hindernisse wat met vertroue verband hou. Stigma geassosieer met MIV/VIGS beperk oop bespreking oor die inwerking van die epidemie op onderwysers, versorgers en kinders. Daar is 'n gebrek aan vertroue tussen onderwysers en leerders of versorgers, wat soms vererger word deur skoolgelde wat nie betaal word nie (veral duidelik waar onderwysers buite die area wat die skool dien, woon), en huiwering van kinders om met onderwysers te praat oor hul huislike omstandighede, as gevolg van 'n vrees vir die moontlike negatiewe gevolge (Wilson *et al.*, 2002:34 - 35).

Die groot klasse en groot aantal weerlose kinders in skole beperk ook die aksies wat onderwysers kan neem en dra moontlik by tot die gevoel van vele van die onderwysers dat die identifisering, ondersteuning en monitering van weerlose kinders 'n addisionele en oorweldigende rol impliseer, waarvoor hulle nie toegerus is nie (Wilson *et al.*, 2002:35). 'n Hindernis wat hiermee verband hou, is 'n tekort aan voorligting- en beradingskapasiteit in skole (Wilson *et al.*, 2002:35).

Viktimisering van onderwysers wat wel die 'ekstra myl gaan' is ook 'n uitdaging wat onderwysers kan verhoed om in die toekoms weer 'n rol te speel in die versorging en ondersteuning van leerders (Wilson *et al.*, 2002:35). Daar word byvoorbeeld geïnsinier dat hierdie onderwysers 'probeer om maatskaplike werkers te wees' en hul optrede word dus as iets negatiefs beskou (Wilson *et al.*, 2002: 35).

Ten opsigte van die rol van die versorgers van kinders is beperkte kapasiteit om 'n rol te speel in die ondersteuning en bestuur van die skool 'n uitdaging wat oorkom moet word, om groter betrokkenheid deur versorgers te bewerkstellig. Lae vlakke van versorgers se bywoning van skoolvergaderings is ook iets wat samewerking beperk. Die persepsie algemeen by kinders en versorgers dat skole plekke van dissipline is, eerder as plekke van ondersteuning, beperk ook die rol van die skool (Wilson *et al.*, 2002: 35).

Ten opsigte van die spesifieke rol van skoolhoofde in die uitgebreide rol van die skool, is Rayners (2007:13) van mening dat die skoolhoofde die potensiaal het om 'n aansienlike bydrae in die konteks van die MIV/VIGS epidemie te lewer, aangesien hoofde 'n strategiese posisie in die groter skoolgemeenskap vul. Alhoewel elke skool volgens die beleidsvoorskrifte van die Departement van Onderwys 'n MIV/VIGS fasiliteerder moet hê, dra die skoolhoofde uiteindelik die leierskapsverantwoordelikheid op skoolvlak, omdat hy of sy moet toesien dat die beleide en programme geïmplementeer en bestuur word (Rayners, 2007:23). Giese (2003: 24) noem ook in hierdie verband dat dit duidelik aangedui moet word wie die verantwoordelike persone vir die koördinerende rol van die uitgebreide rol van die skool in hierdie konteks is, met ander woorde in die individuele skole, in die skooldistrikte en ook verder.

## **2.7 Samevatting**

As gevolg van die MIV/VIGS epidemie in Suid-Afrika, word die huishoudings in Suid-Afrika gewysig, aangesien die inwerking die ergste op die vlak van die huishouding ervaar word (Barnett en Whiteside, 2002:198). Een van die maniere waarop huishoudings op die impak reageer, is deur hul samestelling te wysig (Barnett en Whiteside, 2002:188). Hierdie veranderinge het dikwels tot gevolg dat kinders se lewens geïmpak word, en kinders word op 'n aantal maniere weerloos gelaat.

Hierdie weerlose kinders verander ook die onderwys soos ons dit ken. Dit is onvermydelik dat die onderwysstelsel dieselfde kan bly in die konteks van MIV/VIGS, as gevolg van nuwe vereistes wat aan die stelsel gestel word (Kelly, 1999:5). Daar ontstaan ook vrae rondom die ondersteuning en versorging van hierdie kinders, en denke oor die skool as instelling verander, aangesien dit ideaal geplaas is as potensiele middelpunt van versorging en ondersteuning, asook 'n plek waar die toegang tot en lewering van dienste aan kinders versterk kan word (Giese, 2003:3). Dit beteken dat die bestaande rol wat skole tradisioneel gespeel het, uitgebrei sal moet word.

Onderwysers is die grondslag waarop skole gebou word. Die veranderings wat met betrekking tot die funksionering van die skool voorgestel word, impliseer dus veranderings in die rol van die onderwyser. My ondersoek is gemik daarop om vas te stel wat hierdie rol is wat onderwysers moet vervul in die uitgebreide rol van skole in die konteks van MIV/VIGS, wat onderwysers se persepsie is hieroor, watter uitdagings onderwysers ervaar, en ook watter hulpbronne en dienste daar in hierdie verband tot hul beskikking is.

# Hoofstuk 3

## Navorsingsontwerp en -metodologie

### 3.1 Inleiding

Die literatuur het daarop gedui dat die skool as instelling ideaal geplaas is om 'n uitgebreide rol te speel in die lewens van kinders wat weerloos gelaat is in die konteks van MIV/VIGS, deurdat skole as “potensiële middelpunte van versorging en ondersteuning” geïdentifiseer word (Giese, 2003:3). Onderwysers is egter die persone wat hierdie nuwe verantwoordelikhede wat met die uitgebreide rol van die skool saamgaan, sal moet aanneem, dus is die ondersoek daarop gemik om vas te stel hoe onderwysers hieroor voel, wat in hul pad staan om hierdie rol te vervul, en watter hulpbronne tot hul beskikking is om die rol te vul.

Die volgende navorsingsvrae het die ondersoek gelei:

- Wat is die persepsie van onderwysers van die nuwe rol?
- Wat is die uitdagings wat deur onderwysers in verband met hul nuwe rol ervaar word?
- Is daar dienste en hulpbronne om die onderwysers in hul nuwe rol te ondersteun?

Die breër navorsingsmetodologie van die ondersoek is kwalitatief. Die primêre doel van ondersoek wat in die kwalitatiewe navorsingsparadigma gesetel is, is om te beskryf en te verstaan, eerder as om te verklaar (Babbie en Mouton, 2001:270). Meer spesifiek, is dit die doel van kwalitatiewe navorsing om individuele perspektiewe te ondersoek en 'n in-diepte verstaan van persoonlike gevoelens en ondervindinge te verkry (Davies, 2007:191). Gegewe dat hierdie ondersoek ten doel het om uitdagings en vorme van ondersteuning, of die gebrek daarvan vanuit die perspektief van onderwysers te verstaan, is 'n kwalitatiewe navorsingmetodologie as meer toepaslik geag.

### 3.2 Seleksie van gevalle

#### 3.2.1 Omgewing

Die ondersoek is in die Malmesbury-omgewing in die Wes-Kaap uitgevoer, deels omdat die ondersoeker, wat in Malmesbury woon en wie se ouers albei daar skoolhou, maklik toegang tot, asook agtergrondkennis van 'n verskeidenheid skole in Malmesbury het.




Die Llingeletu gemeenskap buite Malmesbury is as fokuspunt van die ondersoek gekies, op grond van die aanname dat die voorkoms van MIV/VIGS in hierdie gemeenskap van Malmesbury waarskynlik hoër gaan wees, en dat onderwysers in hierdie gemeenskap dus meer waarskynlik met die MIV/VIGS in die skoolopset te doen sal kry, as wat die geval sou wees elders in die omgewing waartoe die ondersoeker geredelike toegang het. Hierdie aanname is gegrond op die feit dat daar 'n verband is tussen armoede en MIV/VIGS en as gevolg hiervan, kan die afleiding gemaak word dat 'n groot proporsie van hierdie kinders wat deur armoede geraak word, ook deur MIV/VIGS geaffekteer word (Ebersöhn en Eloff, 2002:77). In benadeelde gebiede word die uitdagings wat deur die onderwysstelsel ervaar word, ook deur die epidemie verskerp (Rayners, 2007: 12).

Llingeletu is 'n informele nedersetting in Malmesbury in die Wes-Kaap. Saam met 'n gedeelte van die Wesbank gemeenskap vorm dit wyk 9 van Malmesbury. Die bevolkingstal van hierdie wyk is 10.928 waarvan 41% swart- en 59% bruinmense is, sien figuur 1<sup>1</sup>. Werkloosheid in Malmesbury is volgens die sensus van 2001 deur die Malmesbury Munisipaliteit tussen 15% en 17%. Werkloosheid onder die ekonomies aktiewe bevolking van Malmesbury is by bruinmense 11%, 3% by mense van Indiese of Asiese afkoms, en 4% by witmense (sien tabel 1). In vergelyking met ander bevolkingsgroepe in Malmesbury, is die werkloosheidsyfer onder swartmense hoog. Aangesien die grootste aantal swartmense woonagtig in Malmesbury, in Llingeletu woon, kan die afleiding gemaak word dat werkloosheid in Llingeletu hierdie statistieke sal weerspieël. Soos alle informele nedersettings, is armoede algemeen sigbaar in hierdie gemeenskap, asook in die skole wat deel gevorm het van die ondersoek.

---

<sup>1</sup> Alhoewel ras 'n problematiese sosiale konstruksie is, is dit soms steeds nodig in sosiale navorsing om daarna te verwys, soos in hierdie geval. In die 1970s en 1980s in Suid Afrika, is die term "swart" gebruik in die demokratiese beweging om te verwys na alle onderdrukte groepe (Afrikane, kleurlinge en Indiërs), en dit was 'n eksplisiete verwerping van etniese identiteite wat tydens apartheid geskep is. Die leser moet daarop let dat die term "swart" vandag grootliks gebruik word om te verwys na Afrikane en dit word ook in hierdie tesis so gedoen. Die term "kleurling" verwys na 'n persoon van gemengde ras-afkoms.

**Figuur 1: Rasseverspreiding van wyke in Malmesbury**



Bron: Malmesbury sensus 2001

**Tabel 1: Werkloosheid volgens ras in Malmesbury**

% INDIENSNEMING VAN EKONOMIES AKTIEWE DEEL VAN BEVOLKING					
	Swartmense	Bruinmense	Indies/Asies	Witmense	Totaal
<b>EKONOMIES AKTIEWE DEEL VAN BEVOLKING</b>	3 465	22 230	89	4 745	30 529
<b>% EKONOMIES AKTIEWE DEEL VAN BEVOLKING</b>	62%	65%	49%	60%	64%
<b>Werkend</b>	85%	89%	97%	96%	90%
<b>Werkloos</b>	15%	11%	3%	4%	10%

Bron: Malmesbury sensus 2001

### 3.2.2 Skole

Die hoofdoel van kwalitatiewe navorsing is om sosiale optrede in terme van 'n spesifieke konteks te verstaan, eerder as om te poog om bevindings te veralgemeen en op 'n breër teoretiese bevolking van toepassing te maak (Babbie en Mouton, 2001:270). Doelbewuste seleksie is dus gebruik om skole wat in die ondersoek ingesluit sou word, te kies. Dit beteken dat die ondersoek slegs gebruik kan word om die onderwysers in hierdie skole in die spesifieke gemeenskap van Llingeletu te verstaan, en nie noodwendig van toepassing is op onderwysers oor die algemeen nie. Die resultate van die ondersoek kan dus nie na die res van die land se onderwyssektor veralgemeen word nie, maar is spesifiek van toepassing op die deelnemers van die ondersoek.

Skole wat in terme van skoolvlak van mekaar verskil, is doelgerig vir die ondersoek gekies. 'n Voorskool (die Siphumeze Educare Centre), laerskool (Naphakade Primary School) en hoërskool (Naphakade Secondary School) is geselekteer, aangesien die voorkoms van MIV/VIGS onder verskillende ouderdomsgroepe in die bevolking varieër, en kinders van verskillende ouderdomme op verskillende maniere deur die epidemie geaffekteer word. Kinders se behoeftes sal dus ook verskil en sodoende ook die rol en vereistes wat aan onderwysers gestel word.

Die Siphumeze Educare Centre is in 'n lokaal in een van die kerke in die gemeenskap geleë. Daar is 4 onderwysers vir gemiddeld 50 kinders tussen die ouderdomme van 2 en 6 (alhoewel die aantal kinders daaglik wissel). Al die kinders is in een groot lokaal, behalwe die sesjarige wat 'n aparte lokaal het - 'n klein opslaanklas aan die agterkant van die kerk. Daar is beperkte kombuis- en badkamergeriewe op die perseel en daar is nie speelgeriewe of gras buite nie. Die Naphakade Primary School se perseel en gebou is netjies en goed versorg. In vergelyking met ander laerskole op die dorp is daar egter min geriewe, veral ten opsigte van speelgeriewe vir die kinders. Van die klasse is ook opslaanklasse, maar die meerderheid is in die gebou. Daar is 14 onderwysers en sowat 601 leerders. Die Naphakade Secondary School deel die perseel met die Naphakade Primary School. Die meeste van die klasse is opslaanklasse en weereens in vergelyking met die ander hoërskole op die dorp, is daar min geriewe by die skool. By hierdie skool is daar 12 onderwysers en 360 leerders.

Toegang tot die skole is verkry deur 'n gemeentelid van die N.G. Moedergemeente wat by 'n kerkaksie by die Siphumeze Educare Centre betrokke is. Hierdie persoon het my voorgestel aan die persoon wat in beheer is van die Siphumeze Educare Centre. 'n Eerste ontmoeting is met die hoof gereël, en by hierdie ontmoeting het die hoof my van die telefoonnommers van sowel Naphakade Primary School en Naphakade Secondary School voorsien. Ek het die skoolhoofde van hierdie skole telefonies gekontak en eerste ontmoetings is gereël, waartydens daar toestemming van die onderskeie hoofde verkry is, om onderwysers te nader om deel te neem aan onderhoude vir die ondersoek.

### 3.2.3 Onderwysers en skoolhoofde

Onderwysers, insluitend skoolhoofde, by die drie skole is vir onderhoude geselekteer. Aangesien die hoof van 'n skool so 'n belangrike leierskapsrol het en ook leiding aan onderwysers moet gee sal sy/haar persepsies sal 'n uitwerking hê op die onderwysers en die

aksies wat hulle neem. Dit is dus nodig geag om ook skoolhoofde se persepsie van die kwessies wat deur die ondersoek aangespreek word, te verkry.

Van die vier persone betrokke by die Siphumeze Educare Centre, is onderhoude met al vier gevoer. By Naphakade Primary School is met 11 van die 14 onderwysers onderhoude gevoer, en by Naphakade Secondary School met 9 van die 12 onderwysers. Daar is oorspronklik beplan om al die onderwysers by die drie skole by die ondersoek te betrek, maar as gevolg van faktore buite die beheer van die ondersoeker, was dit nie altyd moontlik nie. Die skoolhoofde het byvoorbeeld verkies dat onderhoude slegs van 14:00 (wanneer die skool uitkom) tot 15:00 (wanneer die onderwysers huis toe gaan) gevoer word, wat voorkom het dat onderhoude met onderwysers wat poste deel, en dus net tot 12:00 by die skool is, gevoer kon word. Dit was egter die gevoel dat genoegsame data ingesamel is, en dat data-versadiging bereik is, deur middel van die onderhoude wat wel gevoer is.

Daar moes ook rekening gehou word met die hindernis - eie aan navorsing in skole – van verskeie eise op die beperkte tyd van onderwysers (Powers, 2007:247). Die onderwysers het tussen 14:00 en 15:00 ook vergaderings, en dit het 'n paar keer gebeur dat die onderwysers by my aankoms almal in vergaderings besig was, of hul beplanning vir die volgende dag wou afhandel. Dit het egter nie die kwaliteit van die onderhoude aangetas nie, maar het wel veroorsaak dat die data-insamelingsperiode verleng moes word.

### **3.3 Data-insameling**

In hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van kwalitatiewe data-insamelingsmetodes. Die doel van kwalitatiewe navorsing is om individuele perspektiewe te ondersoek en 'n in-diepte verstaan van persoonlike gevoelens en ondervindinge te verkry (Davies, 2007:191). In hierdie ondersoek is dit dan ook die geval, waar daar gepoog is om deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude (sien Addendum A) die perspektiewe van die verskillende deelnemers te verkry, en te interpreteer of ontleed.

Volgens Eisner in Ahuja (2007:1) word die vertel van stories dikwels as vorm van data insameling in navorsing oor skole of onderwysers gebruik. Semi-gestruktureerde, persoonlike onderhoude sou dit moontlik maak vir onderwysers om hul “stories” met die ondersoeker te deel, en die ondersoeker kan dit dan in terme van die navorsingsvrae interpreteer. Dit is ook nuttig in die ondersoek van emosies, ondervindinge en gevoelens van deelnemers, veral wanneer inligting oor 'n kwessie wat sensitief of persoonlik is, ingesamel word (Denscombe

1998: 111). In hierdie geval is MIV/VIGS beslis 'n sensitiewe kwessie, wat as sulks deur die ondersoeker benader is. Semi-gestruktureerde onderhoude stel die ondersoeker ook in staat om bepaalde kwessies, gegrond op die navorsingsvrae (sien hierbo), in die onderhoud aan te spreek, terwyl dit terselfdertyd buigbaarheid bied in terme van die volgorde waarin die kwessies benader word en die deelnemer toelaat om idees te ontwikkel en verbandhoudende en/of breër kwessies te bespreek. Oop vrae is gestel, met 'n klem op die deelnemer wat uitbrei op punte wat hy of sy as belangrik ag (Denscombe, 1998:113). Die feit dat minder gestruktureerde benaderings 'n meer buigsame toekenning van tyd toelaat (Morgan, 2002 aangehaal in Marvasti, 2004: 23) is ook voordelig, want dit beteken dat indien daar een van die kwessies is wat vir 'n onderwyser meer belangrik is as die ander, kan die ondersoeker meer tyd toeken aan die bespreking van hierdie kwessie. 'n Volgende belangrike voordeel van die gebruik van minder gestruktureerde benaderings is dat die ondersoeker nuwe dimensies van die kwessies wat bespreek word, kan deursoek (Morgan, 2002 aangehaal in Marvasti, 2004: 23).

Onderhoude is gedurende Mei 2008 by die Siphumeze Educare Centre en gedurende Junie 2008 by Naphakade Primary en Naphakade Secondary School gevoer. Die individuele onderhoude het gemiddeld tussen 20 minute en 'n halfuur geduur. Elke onderhoud is op band opgeneem en daarna getranskribeer.

Die verskillende skoolhoofde het die onderwysers oor die ondersoek ingelig. Onderwysers is in groepsverband (waar hulle in die personeelkamer bymekaar was) na afloop van die skooldag deur die ondersoeker genader, en daar is aan hulle verduidelik waarom die ondersoek handel en dat dit geensins verpligtend is om deel te neem nie. Indien 'n onderwyser vir 'n onderhoud ingestem het, is daar in terme van vertroulikheidsversekering die volgende aan hom of haar verduidelik:

- Die doel van die ondersoek is akademies
- Die rede waarom hierdie skool vir die ondersoek geselekteer is, is omdat dit geleë is in 'n gemeenskap waar MIV/VIGS 'n sterk impak het
- Die persoon hoef nie deel te neem aan die ondersoek nie en, deelname is dus vrywillig

- Indien die persoon kies om wel aan die ondersoek deel te neem, die persoon se naam en besonderhede nooit bekend gemaak sal word nie, en dat dit wat in die onderhoud gesê gaan word, nie aan persoonlike besonderhede gekoppel sal word nie
- Die ondersoek gaan nie direk lei tot praktiese, fisiese hulp aan die skool of gemeenskap nie, maar die ondersoeker het simpatie met die situasie het, en hoop om deur 'n tesis lig te werp op die probleme van onderwysers en dat hulle stem só gehoor sal word

Onderhoude is aangevul deur veldnotas op te teken, en deur inligting wat nie pertinent in die onderhoud gevra is nie, aan te teken. Byvoorbeeld, 'n tydelike aanstelling sou 'n gebrek aan insentief is om betrokke te raak by die gemeenskap, kon verklaar. Die veldnotas is ook gebruik om biografiese inligting (geslag, ras en benaderde ouderdom) wat nie direk aan die deelnemers gevra is nie, maar wel waargeneem is, op te teken.

Ten opsigte van geldigheid en betroubaarheid moet aandag geskenk word aan die inwerking van die persoon wat die onderhoud voer en die onderhoudsituasie op hoe die deelnemers hul ondervindinge herkonstrueer en dus die antwoorde wat hulle gee. Die interaksie tussen onderhoudvoerder en deelnemers is dus 'n belangrike aspek wat die ondersoeker in gedagte moet hou. Die ondersoeker het sensitiwiteit in hierdie opsig ontwikkel, deurdat sy 'n gevorderde (nagraadse) opleidingsessie in onderhoudvoering bygewoon het, waartydens verskillende onderhoudtegnieke inge oefen is. Hierdie opleiding het haar veral die belangrikheid geleer om nie leidende vrae te vra nie.

Die ondersoeker het egter wel in 'n paar gevalle kommunikasieprobleme ervaar, aangesien die meeste van die onderwysers met wie sy – 'n Afrikaanse wit vrou - onderhoud gevoer het, nie Engels as moedertaal praat nie<sup>2</sup>, en sy en hierdie onderwysers mekaar gevolglik nie altyd goed verstaan het nie. Die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoud het egter die ondersoeker in staat gestel om tydens onderhoud te toets of sy die deelnemer korrek verstaan, deur op te som wat die deelnemer sops oor 'n spesifieke kwessie, gesê het. Die deelnemer kan dan bevestig dat dit is wat hy of sy bedoel het, of die ondersoeker kan reggehelp word (Denscombe, 1998: 125).

---

<sup>2</sup> Daar was inderdaad slegs een onderwyser - 'n Afrikaanse bruin onderwyseres - met wie die ondersoeker in haar eie moedertaal 'n onderhoud kon voer.

Die onderhoude is as informele gesprekke benader, en daar is aanvanklik oor alledaagse sake gesels om die onderwysers op hulle gemak te stel. Die feit dat die ondersoeker van die omgewing afkomstig is, het ook as 'n aanknopingspunt vir die onderhoud gedien. Die ondersoeker het aan die deelnemers vertel dat sy grootgeword het in die area en belangstel in die onderwyssektor, en só is die onderwerp benader.

'n Verdere kwessie rakende geldigheid hou verband met die mate waartoe die deelnemer eerlike antwoorde gee. Om hierdie probleem aan te spreek, is onderhoude wat in dieselfde skool gevoer is, kontroleer vir ooreenstemming in onderwysers se antwoorde, waar sodanige ooreenstemming verwag sou kon word.

Die fokus van die onderhoude was om die perspektief van die onderwysers te verkry. Die ondersoeker het dus sover moontlik gepoog om haar eie vooroordele raak te sien en bewus te wees van haar eie vooropgestelde idees, omdat dit die bewyse van die data negatief kan beïnvloed (Smith, 2002 :133). Die ondersoeker het sekere verwagtinge gehad toe sy begin het met die onderhoude, en moes deurentyd daarop let dat hierdie verwagtinge nie daartoe lei dat sy sekere aannames maak nie.

'n Belangrike beperking van die ondersoek is dat daar slegs gebruik gemaak is van onderhoude met onderwysers om data ter beantwoording van die navorsingsvrae in te samel. Waarneming van onderwysers se wesenlike rol in die ondersteuning en versorging van kinders wat deur die epidemie geïnfekteer en/of geïmpak word, sou die betroubaarheid van die data kon verhoog. Toekomstige navorsing oor die onderwerp sou ook ander deelnemers kon insluit, soos die ouers of versorgers van kinders, om vas te stel hoe hulle oor die rol van die onderwyser voel, en of hul gemaklik daarmee is. Die onderhoude met die onderwysers sou ook met opvolg-onderhoude aangevul kon word, waartydens verdere kwessies, wat in die data-ontleding na vore gekom het, bespreek kon word. Daar was egter nie tyd in hierdie ondersoek om dit te doen nie.

### **3.4 Dataverwerking en -ontleding**

Voordat daar met die proses van data-ontleding begin is, is die data getranskribeer. Die onderhoude wat op 'n bepaalde dag afgehandel is, is aan die einde van die dag getranskribeer, om te verseker dat belangrike inligting nog vars in die ondersoeker se geheue is, en ook om vas te stel of daar moontlik probleme met die opname was, wat sou vereis dat die onderhoud herhaal moes word. Nadat die opgeneemde onderhoude transkribeer is, is dit 'n aantal kere

deurgelees, sodat die ondersoeker die inhoud van individuele onderhoude in die geheel kon leer ken. Dit is ook geredigeer waar nodig, byvoorbeeld spelfoute is reggemaak en veldnotas, insluitend die biografiese inligting van elke onderwyser, is bygevoeg (sien Addendum B).

Kwalitatiewe data-ontledingstegnieke is in hierdie ondersoek gebruik om onderhoudstranskripsies te ontleed. Beskrywings van betekenis vorm die grondslag van die ontleding van kwalitatiewe data. Data word opgebreek sodat dit klassifiseer kan word, skakels word tussen die klassifikasies gemaak, en dit kan weer tot 'n nuwe beskrywing lei (Smith, 2002: 132).

Beskrywing in kwalitatiewe navorsing verskil baie van beskrywing in kwantitatiewe navorsing, deurdat dit nie op getalle en kwantitatiewe patrone fokus nie, maar eerder op in-diepte beskrywings wat gebeur en optrede in 'n konteks plaas wat verstaanbaar is vir diegene wat die optrede uitvoer (Babbie en Mouton, 2001:272). Die ondersoeker poog dus om die data in konteks te plaas en te probeer verstaan wat die redes vir die bevindings is.

Kwalitatiewe navorsing poog om getrou te bly aan die betekenis van die deelnemers self en gebruik dus dikwels die kategorieë en konsepte van die deelnemers, eerder as abstrakte teoretiese konstruksies (Babbie en Mouton, 2001:272). Die ondersoeker het dus deurentyd daarop gefokus om prioriteit te verleen aan die perspektief van die onderwyser en sy/haar verwysingsraamwerk en die ontleding van die onderhoude is ook op hierdie wyse aangepak.

In hierdie ondersoek is geredigeerde onderhoudstranskripsies deur middel van 'n rekenaarprogram, *Atlas.ti*, ontleed. Die transkripsies is in die vorm van *Word* dokumente in *Atlas.ti* ingevoer, en die relevante dele daarvan is uitgelig, deur verskillende kodes aan verskillende dele van die teks toe te ken. *Atlas.ti* is gebruik om alle relevante materiaal tot die navorsingsvrae in die onderhoudstranskripsies te identifiseer. Dit is belangrik om daarop te let dat dele van onderhoude wat weergegee en aangehaal is in die tesis, vertaal is vanaf die taal waarin die onderhoude gevoer is, naamlik Engels, na die taal waarin die ondersoek geskryf is, naamlik Afrikaans. Daar is dus die moontlikheid dat die ondersoeker haar eie interpretasie aan die dele toegeken het tydens die vertalingsproses. Om te voorkom dat dit die geval is, is daar gepoog om die vertalings so getrou as moontlik aan die oorspronklike te hou.

Die verskillende kodes vorm deel van breër kategorieë of temas. Die temas hou verband met die verskillende navorsingsvrae wat vooraf opgestel is om die sentrale navorsingsprobleem te beantwoord. *Atlas.ti* is ook gebruik om skakels tussen die data te vind, deur die verskillende



kodes wat bymekaar pas, na aanleiding van die navorsingsvrae saam te groepeer. Dit het die ondersoeker in staat gestel om 'n tematiiese ontleding uit te voer van die hoof idees wat verband hou met die sentrale navorsingsprobleem en –vrae verband hou. Die bevindinge van hierdie tematiiese ontleding, sowel as die interpretasie en bespreking daarvan in die konteks van die navorsingsvrae, word in die volgende hoofstuk bespreek.

## Hoofstuk 4

### Ontleding en Interpretasie van Data

In hierdie hoofstuk word die response van skoolhoofde en onderwysers wat deelgeneem het aan die ondersoek, ontleed. Die studiepopulasie van skoolhoofde en onderwysers wat werksaam is by 'n voorskool, laerskool en hoërskool van die Llingeletu gemeenskap in Malmesbury, verskil in terme van sosio-demografiese veranderlikes, naamlik ras, geslag en ouderdom. Die meerderheid van die studiepopulasie is swart (met slegs een bruin onderwyseres verbonde aan die hoërskool) en vroulik (19 vroulike deelnemers teenoor 7 manlike deelnemers). Ten opsigte van die ouderdomsverspreiding van die studiepopulasie, is die meerderheid (20) tussen 30 en 40 met slegs 3 van die onderwysers tussen die ouderdomme van 20 en 30 en 3 tussen 40 en 50. Vervolgens word die bevindings van die tematiese ontleding van die getranskribeerde onderhoude bespreek. Elke tema hou verband met een van die navorsingsvrae.

#### 4.1 Die persepsie van onderwysers oor hul rol

Die meeste van die onderwysers het gevoel dat onderwysers wel meer as 'n akademiese rol het in die konteks van MIV/VIGS: *'Ek kan nie sê dat dit 'n ekstra rol is nie, dit is 'n móét. Ons is soos ouers, as jou kind nie by die huis is vir 'n dag nie, dan begin jy bekommerd raak, dan probeer jy uitvind wat aan die gang is, so as 'n onderwyser is dit noodsaaklik om te kyk wat aan die gang is'*. Hierdie onderwyser sien dus die rol van die onderwyser as gelykstaande aan dié van 'n ouer. Daar was ook ander rolle waarmee die rol in hierdie konteks vereenselwig is, soos byvoorbeeld: *'Ek dink dat as jy 'n onderwyser is, sluit dit baie werksaamhede in: jy is 'n sielkundige, jy is 'n maatskaplike werker. Jy is alles. Dit is die werk van 'n onderwyser om die ekstra myl te loop en nie op slegs die akademiese kant te fokus nie'*. Hierdie onderwysers sien die rol ook nie as iets wat bykomend tot hul rol as 'n opvoeder is nie, maar as deel van hierdie rol, 'n 'moet', soos die onderwyser sê. Ook die woorde van hierdie onderwyser dui daarop dat die rol van die onderwyser in hierdie konteks 'n verantwoordelikheid van onderwysers is: *'Ek voel dat dit deel van ons werk is, ons is nie net onderwysers nie. Ons speel ook die rol van die ouer, want die leerders is by ons die meeste van die tyd, so jy kan nie sê dat hul ouers na hulle sal kyk nie, want hulle is hier en spandeer meer tyd saam met ons. Hulle is ons verantwoordelikheid'*.

Daar was egter ook van die onderwysers wat onseker was - “*ek weet nie of ek daardie rol wil speel nie*” (want die onderwyser voel oorweldig) – of gevoel het dat dit nie hul rol is om betrokke te wees by die ondersteuning en versorging van weerlose kinders in die konteks van MIV/VIGS nie, aangesien daar by elke skool ‘n maatskaplike werker en sielkundige behoort te wees. Die woorde van hierdie onderwyser illustreer dit: *‘Dit kan nie verwag word van my nie, want in elke skool, moet daar iemand wees soos ‘n sielkundige of maatskaplike werker om hierdie probleme te hanteer, want ons vind uit dat van die kinders bang is om met ons te praat omdat ons onderwysers is’*. Dit kan wees dat die onderwyser so voel as gevolg van die feit dat stigma leerders verhoed om met onderwysers te praat, en daarom sien die deelnemer nie vir onderwysers in hierdie konteks ‘n rol nie. In afdeling 4.2.5 word die kwessie van stigma verder bespreek.

#### 4.1.1 ‘Ek behandel die kind net soos al die ander kinders’ – Aanvaarding

Alhoewel die meerderheid onderwysers is wat wel vir hulself ‘n rol sien in hierdie konteks, is hulle geneig om die omvang daarvan in twee aspekte in baie beperkte terme te beskou. Eerstens dink onderwysers dikwels in hierdie konteks slegs in terme van kinders wat MIV positief is. Dus, alhoewel die onderhoude gefokus het op onderwysers se rol met betrekking tot kinders wat op **verskeie wyses** weerloos gelaat is in die konteks MIV/VIGS, was daar deelnemers wat spesifiek gepraat het oor hul rol teenoor ‘n leerder wat MIV positief is. In hierdie verband het hulle beklemtoon dat wat hulle **behoort** te doen, is om die kind te aanvaar en dieselfde te behandel as leerders wat nie MIV positief is nie. Een van die deelnemers stel wat onderwysers behoort te doen só: *‘as die kind MIV positief is, moet die onderwyser die kind ondersteun en met die kind praat en die kind aanvaar’*. Een van die skoolhoofde deel hierdie sentiment: *‘Die onderwyser moet hand aan hand saam met ouers werk, sodat die kind gemaklik is en behandeling kry om sodoende met sy of haar studies voort te gaan’*.

*‘Ek behandel die kind net soos al die ander kinders’* was die woorde van ‘n onderwyser wat al te doen gehad het met ‘n MIV positiewe leerder by die sekondêre skool.

Hierdie redelik beperkte konseptualisering deur onderwysers van kinders wat weerloos gelaat is in die konteks van MIV/VIGS, naamlik slegs in terme van kinders wat geïnfekteer is deur die virus, impliseer dat hulle nie noodwendig kinders wat op ander maniere geïnfekteer is, in

ag neem nie. 'n Rede hiervoor mag wees dat onderwysers nog nie werklik te doen gehad het met kinders wat hoewel nie MIV positief nie, wel op ander maniere geaffekteer word.

Die tweede aspek van die beperkte omvang van die onderwyser se rol het te make met die wyer rol wat onderwysers vir hulself in die gemeenskap sien, wat nie noodwendig strook met hul wesenlike rol nie. Een skoolhoof konseptualiseer duidelik 'n wyer rol vir onderwysers in die gemeenskap deurdat hy van mening is dat onderwysers betrokke moet wees by projekte in die gemeenskap en verhoudings moet help bou, deur te sorg dat gesinne geaffekteer deur die epidemie nie uitgesluit word uit die gemeenskap nie. Die rol van onderwysers in die gemeenskap hou ook verband met samewerking tussen die onderwysers en ander rolspelers. 'n Onderwyser van Siphumeze Educare Centre sien só wat hulle rol **veronderstel** is om te wees: *'Die ouers en die onderwysers en die [klinieksusters] moet saamwerk'*. Die waarde van kennis oor die gemeenskap en kennis van die kinders se huishoudelike omstandighede is hier te sprake. Een van die onderwysers stel dit só: *'Aangesien ek die mense in die gemeenskap ken, kan ek hulle besoek, die ouers, en probeer uitvind wat aan die gang is, want van die ouers ken my baie goed'*. In werklikheid is daar egter beperkte samewerking tussen die onderwysers en die gemeenskap wat onderwysers se beperkte rol in hierdie verband illustreer. Hierdie kwessie word verder in meer detail in afdeling 4.1.2 bespreek.

Daar is verskeie dimensies van die rol wat deelnemers vir hulself sien in die konteks van kinders wat weerloos gelaat is deur MIV/VIGS, wat vervolgens bespreek word.

Aanvaarding is vir van die deelnemers ook van toepassing ten opsigte van kinders wat op ander maniere geaffekteer word, soos een skoolhoof, wat hierdie aanvaarding 'n stap verder neem en ook gesinne en die gemeenskap insluit wanneer hy sê: *'So jy moet vir [die leerders] die teorie in die klaskamer gee en dan prakties moet hulle sorg dat daar interaksie is met die persone wat MIV positief is en met die gesinne wat geaffekteer is, sodat [die geaffekteerde gesinne] aan die einde nie voel dat hul uitgesluit word uit die gemeenskap nie'*. Hierdie skoolhoof sien dus ook 'n duidelike rol vir die onderwysers in die wyer gemeenskap.

#### 4.1.2 Die onderwysers 'moet betrokke wees, want hulle is betrokke by die kind se opvoeding' – Samewerking

Deelnemers aan die ondersoek het ook vir hulself in hierdie konteks 'n rol ten opsigte van samewerking met ander rolspelers uitgelig. Daar bestaan verskeie sienings oor hierdie samewerking. Dit kan byvoorbeeld samewerking tussen die MIV/VIGS program van die skool en die programme in die gemeenskap impliseer. Een van die deelnemers dui aan wat die

aard van samewerking tussen programme behoort te wees: *‘Die skool moet ‘n program hê, waar daar interaksie plaasvind met die gemeenskap, [met die] programme wat bestaan in die gemeenskap om die siekte teen te staan’*.

Samewerking tussen die ouers en die onderwysers is ook genoem. Een deelnemer stel dit so: *‘Die onderwyser moet hand aan hand saam met die ouers werk, sodat die kind gemaklik kan wees en die behandeling kry wat die kind nodig het ,om sodoende met sy of haar studies voort te gaan’*. Samewerking tussen die skool en gesinne word ook illustreer deur die onderwyser wat haar kennis van Afrikaans gebruik om gesinne te help om briewe aan maatskaplike werkers te rig.

Samewerking kan ook verwys na skakels met die gesondheidssektor. Een van die deelnemers stel dit so: *‘Die ouers, die onderwysers en die [klinieksusters] moet saamwerk’*. Baie van die onderwysers het ook genoem dat hulle gereeld ‘n maatskaplike werker kontak om leerders by te staan. Dit dui op samewerking tussen die maatskaplike werkers en die onderwysers.

Daar was ook genoem dat onderwysers graag met die religieuse liggeme in die gemeenskap sou wou saamwerk. Een van die onderwyseresse noem ook dat sy graag samewerking sou wou koördineer met hierdie woorde *‘Ek sou die pastore wou organiseer om byeen te kom en die samelewing te help, want dit is ‘n baie behoeftige samelewing’*. Dit dui ook aan dat ‘n volgende aspek van samewerking is dat dit deur onderwysers geïnisieër kan word. Hierdie onderwyseres voel egter dat sy beperk word deur die feit dat sy nie van die area afkomstig is nie - ‘n kwessie wat later meer omvattend in afdeling 4.2.2 bespreek word.

Daar was ook samewerking tussen die skole en korrektiewe dienste op Malmesbury, naamlik deur die betrokkenheid van die ‘Group of Hope’. Hierdie groep gee groente en skooluniforms aan behoeftiges en het ook al die leerders op uitstappies geneem.

Die feit dat hierdie onderwysers noem dat daar samewerking tussen die onderwyssektor en ander sektore in die gemeenskap moet wees, dui aan dat die deelnemers wel vir onderwysers ‘n rol ten opsigte van samewerking sien. Die aard van hierdie samewerking is egter nie onproblematies nie, en word verder bespreek in afdeling 4.3.1, met verwysing na die aard van ondersteuningsmeganismes aan onderwysers uit die gemeenskap.

#### 4.1.3 'Ek dink ons moet aan hulle ons volle ondersteuning gee' - Ondersteuning

Van die onderwysers beskou ook ondersteuning as 'n dimensie van hul rolle in die konteks van kinders wat weerloos gelaat is deur MIV/VIGS. By die deelnemers word daar egter verskeie betekenisse aan hierdie ondersteuning geheg, en bestaan daar verskillende uitbeeldings van ondersteuning.

Die dimensie van ondersteuning aan 'n leerder wat geaffekteer is deur die epidemie, word prakties uitgebeeld deur onderwysers se pogings om finansiële ondersteuning vir 'n leerling te bekom. Een van die betrokke onderwysers vertel dat hulle as volg te werk gegaan het: *'Hy het vir ons gesê dat hy besig is om werk te soek. Ons het vir hom gevra hoe hy 'n werk en studies gaan hanteer, maar hy het gesê daar is geen ander uitweg nie. So toe skryf ons 'n brief aan [ 'n supermark] waarin ons gesê het dat ons 'n borg vir 'n leerder nodig het, maar ons wag steeds vir die bestuurder se antwoord'.*

Die dimensie van ondersteuning word ook prakties vergestalt deur 'n onderwyser wat haar kennis van Afrikaans inspan om gesinne te help met briewe aan maatskaplike werkers, aangesien die meerderheid van die ouers in die gemeenskap nie Afrikaans magtig is nie. Daar was ook 'n paar gevalle waar onderwysers in hul persoonlike kapasiteit kinders ondersteun het. 'n Voorbeeld is 'n onderwyser wat in sy persoonlike kapasiteit geld aan 'n leerder in die skool, wie se ma MIV positief is, beskikbaar gestel het vir verdere studies. Hy verduidelik dit so: *'Ek sien dat sy baie slim is en wat ek kan doen is dat wanneer sy klaarmaak met Graad 12, kan ek haar na tersiêre vlak neem'.* Hy het haar ook verder gehelp: *'Ja, ek het haar ook gehelp toe sy in 'n motorongeluk was en ek haar Kaapstad toe geneem het na die prokureurs en haar gehelp het om die padongelukfonds te kry en dalk kry sy dit'.* Hierdie aanhaling illustreer ook 'n verdere punt, naamlik dat wanneer 'n onderwyser bewus is van 'n kind se omstandighede, die onderwyser hulp kan aanbied.

Een onderwyser het eksplisiet genoem dat onderwysers 'n beradingsrol het in die konteks van kinders wat weerloos gelaat is in die konteks van MIV/VIGS. Hy is besig met verdere studie, wat 'n beradingsprogram insluit, en gebruik die tegnieke wat hy geleer het in hierdie konteks. 'n Aantal onderwysers het op 'n meer indirekte wyse ook verwys na aspekte van wat beskou kan word as hul beradingsrol, deur byvoorbeeld te noem dat hulle probeer kommunikeer met kinders, en hul huislike omstandighede probeer bepaal. 'n Voorbeeld is hierdie onderwyser se woorde: *'Dit was verlede jaar wat ek agtergekom het een van die leerders werk nie meer nie*

*en ek het gehoor haar ma en pa is MIV positief en haar pa is oorlede, en toe probeer ek met haar praat’.*

Onderwysers probeer ook in hierdie rol uitvind wat in kinders se lewens aan die gang is indien die kind as weerloos geïdentifiseer is. Hierdie deelnemer beskryf dit soos volg: *‘Ja, soms maak hulle oop, maar soms beseft jy dat hulle wegkruip, maar jy kan in die kind se gesig sien of hy gelukkig is of nie, maar sommige van hulle kom na my toe en vertel vir my alles’.* Onderwysers word dus ook soms as vertrouelinge gesien.

Ten slotte voel een van die skoolhoofde dat onderwysers se ondersteuningsrol ook die gemeenskap insluit: *‘Die ander ondersteuning wat ons kan gee, is dat ek glo dat onderwysers betrokke moet wees by ander projekte, by gemeenskapsprojekte’.*

#### 4.1.4 “Ek weet dat ek aan hulle hoop moet gee”- Hoop

Daar is ook onderwysers wat gevoel het dat hulle ‘n rol het om ‘n positiewe ingesteldheid by kinders te kweek. Só stel ‘n onderwyser dit: *‘Soms is al wat jy kan doen met hierdie dinge dat jy optimisties moet bly en dan moet jy daarvoor praat; jy moet die onderwerp veralgemeen, jy moet nie vra wie die siekte het nie, maar jy moet dit veralgemeen, en dan moet jy raad gee en vir hulle hoop gee dat dit nie die einde van hul lewens is nie, want hulle moet dit nie as ‘n ernstige siekte hanteer nie, maar as ‘n gewone siekte’.* ‘n Onderwyser by Napakade Primary School stel dit eenvoudig so: *‘Ek weet dat ek aan hulle hoop moet gee’.*

Een van die deelnemers in Napakade Primary School sien haar rol as volg: *‘So my doel vir hulle is om positiewe mense te wees en hulle moet nie na die omgewing waarin hul grootword kyk nie; hulle moet positief kyk na wat hulle kan word’.*

#### **4.1.5 Opsomming**

Die verskillende rolle wat die onderwysers vir hulself sien, kom neer op betrokkenheid. Die mate van betrokkenheid van elke onderwyser verskil egter. Soos reeds hierbo (4.1) genoem is, voel sommige onderwysers dit is nie deel van hul taak as onderwysers om ‘n uitgebreide rol te speel nie, terwyl ander weer in hul persoonlike kapasiteit deel is van kinders se lewens. Moontlike verklarings vir hierdie variasie is dat sommige onderwysers vir hulself slegs ‘n akademiese rol sien en van mening is dat daar ander rolspelers is wat die versorgings- en ondersteuningsrol in kinders se lewens moet speel, soos maatskaplike werkers en

sielkundiges. Dit kan ook wees dat daar by onderwysers wat nie van die omgewing afkomstig is nie, min motivering het om 'n uitgebreide rol te speel.

Betrokkenheid varieër in die verskillende skole en tussen verskillende deelnemers. Vir sommige van die onderwysers strek ondersteuning en versorging sover as finansiële ondersteuning, en vir ander is dit bloot 'n verwysing na 'n kliniek of maatskaplike werker. Een rede vir hierdie variasie is dat onderwysers hul rol verskillend sien: sommige deelnemers sien vir onderwysers 'n duidelike rol in die versorging en ondersteuning van leerders en ander is van mening dat onderwysers nie so 'n rol het nie. 'n Ander rede vir hierdie variasie kan gevind word in uitdagings verbonde aan onderwysers se samewerking met die res van die gemeenskap, sowel as ander beperkinge wat deur onderwysers ervaar word. Hierdie uitdagings word verder in die volgende afdelings bespreek.

## **4.2 Uitdagings wat deur onderwysers ervaar word**

Tydens die ontleding van die data, is 'n aantal uitdagings geïdentifiseer, wat volgens deelnemers die versorging en ondersteuning van die leerders verhinder of bemoeilik. Hierdie uitdagings sluit in bekendmaking van MIV-status, gebrek aan agtergrondsinligting, faktore wat opvolgwerk belemmer, emosionele uitputting en rolstremming en 'n gebrek aan ondersteuning aan onderwysers wat vervolgens in meer detail bespreek sal word.

### **4.2.1 '...dit is haar status, so ek kan nie daarvoor praat nie, want dit is 'n geheim' – Bekendmaking van MIV - status**

Die uitdaging wat die meeste genoem is, het te doen met stigma wat die bekendmaking van MIV status aan 'n onderwyser ontmoedig. Die eerste wyse waarop dit 'n uitdaging verteenwoordig, is dat ouers nie aan onderwysers sê dat hul kind MIV positief is nie. Ouers praat ook nie daarvoor dat hulleself dalk MIV positief is nie. Dit maak dit baie moeilik vir onderwysers, soos hierdie onderwyser dit stel: *'Nee dit is moeilik want die ouers praat nie met jou nie'*. Dit dra veral by tot die probleem dat onderwysers nie genoeg agtergrondsinligting en inligting oor die huislike omstandighede van kinders het nie.

Een van die onderwysers rapporteer dat leerders self aanvoer dat *'n mens nie jou status kan bekendmaak nie, want ander mense sal vir jou lag'*. Hierdie stelling dui duidelik aan dat kinders ook stigma en stereotipering ervaar, wat hulle weerhou daarvan om met onderwysers te praat, soos hierdie onderwyser verduidelik: *'Maar die meisie praat nie met my daarvoor nie, sy weet ek weet, maar ons praat nie daarvoor nie'*. Een van die onderwysers is van mening dat



die kinders nie die onderwyser vertrou nie, en bekommerd is dat indien hulle aan die onderwyser hul status sou bekend maak, die onderwyser hierdie inligting met andere sal deel.

Soos die verwysing na “ons” in die bogenoemde aanhaling aandui, is dit egter nie net van die kinders se kant af stilsywe oor die onderwerp nie: dit is ook onderwysers wat onwillig is om die onderwerp te benader. Op die eerste vraag in die onderhoud of onderwysers weet van kinders wat geïnfecteer of affekteer is deur die epidemie, het een van die onderwysers geantwoord: *‘Ja, ek hoor daarvan, maar ek kan niks daaraan doen nie, want dit is haar status, so ek kan nie daaroor praat nie, want dit is ‘n geheim’.*

Onderwysers wat wel met kinders oor die onderwerp van MIV/VIGS praat, benader die kwessie baie versigtig en op ‘n veralgemeende wyse. Onderwysers wat wel bewus is van ouers se MIV-positiewe status, word ook met die etiese kwessie gekonfronteer of hulle - in die kind(ers) se beste belang - die inligting aan ander onderwysers moet bekendmaak. *‘Daar is niemand wat weet van die twee wie se ma siek is nie, dit is net ek wat weet’*, bieg een. Dit dui weereens op hoe moeilik die situasie is waarin onderwysers hulself bevind in ‘n gemeenskap waar MIV-status gestigmatiseer word, en dat hulle heel moontlik ondersteuning nodig het in hierdie verband.

#### 4.2.2 “Ons kom nie van hier nie, so ons weet nie” - Gebrek aan agtergrondsinligting

Die feit dat MIV/VIGS ‘n siekte is wat gepaardgaan met stigma, en dus iets is waaroor nie geredelik met buitenstaanders tot die gemeenskap gepraat word nie, is veral ‘n hindernis vir onderwysers wat van elders kom, of wat nuut by die skool aangestel is. Onderwysers se taak om kennis oor kinders se huislike omstandighede in te win en sodoende ondersteuning en hulp aan hulle te verleen, hang af van die onderwyser se integrasie in die gemeenskap. Daar was byvoorbeeld ‘n geval waar ‘n MIV-positiewe ma ‘n onderwyseres oor haar status ingelig het, maar die onderwyseres is ingelig in haar hoedanigheid as buurvrou van die gesin, en nie as onderwyseres in die skool waar haar kind skoolgaan nie.

In die onderhoud het dit aan die lig gekom dat daar van die onderwysers is wat nie van Llingeletu afkomstig is nie, of nog nie lank by die skool werk nie, wat in beide gevalle die inligting wat hulle oor kinders se omstandighede het, beperk. Reeds aan die begin van die onderhoud het dit na vore gekom, in reaksie op die vraag of die onderwyser bewus is van enige kind wat geïnfecteer of affekteer is deur MIV/VIGS, en die antwoord dan was dat hy of sy nie in Llingeletu woon nie en dus nie weet nie. Die woorde van hierdie onderwysers

illustreer hierdie kwessie: *‘Die probleem is, ons kom nie van hier nie, so ons weet nie’*; *‘Ek is nuut by die skool en ken nie die kinders se agtergrond nie’*; en *‘Aangesien ek nog nuut is - ek is nog net by die skool vir ‘n jaar -kan ek nie sê dat ek weet van enige persoon wat MIV positief, is of wat kom van ‘n huishouding met MIV/VIGS nie’*.

Daar is ‘n aantal onderwysers wat in die Paarl of Khayalitsha woon, en elke dag na skool weer teruggaan huis toe. Daar is ook onderwysers wat net in die week in Llingeletu woon en dan naweke huis toe gaan. Dit maak dit moeiliker vir hulle om verhoudings te bou en die vertroue van die kinders en die ouers te verkry, en beperk verder hul toegang tot inligting oor die huislike omstandighede van die kinders, wat hulle in staat sou kon stel om van hulp te kan wees.

Hierdie uitdaging waarteen onderwysers te staan kom wat nie van die gemeenskap is nie, lei verder daartoe dat hulle onbewus is van die ondersteuningstrukture wat in die gemeenskap werksaam is: *‘Ek weet nie of hulle hierdie groep, die ondersteuningsgroep, hier het nie?’*. Dit is asof hierdie onderwysers hulself nie vereenselwig met die gemeenskap nie, en dit verhoed hulle om aktief deel te neem, soos hierdie stelling deur ‘n onderwyser illustreer: *‘Dit is moeilik, want ek woon nie hier nie, ek dink dat as ek hier gewoon het, sou ek al georganiseer het, soos byvoorbeeld die pastore om byeen te kom en die samelewing te help, want dit is ‘n baie behoeftige samelewing’*.

4.2.3 ‘So daar is niks wat ons doen as iemand siek is nie’ - Faktore wat opvolgwerk belemmer

*“By sommige van hulle kan ‘n mens die simptome sien, maar jy kan nie sê dat dit MIV is nie”*. Hierdie aanhaling wys op die waardevolle posisie waarin onderwysers hulself bevind om simptome raak te sien en kinders in nood te identifiseer. Dit is egter nie genoeg om net ‘n kind as weerloos te identifiseer nie, maar dit moet opgevolg word, soos die volgende onderwyser erken: *‘Daar is kinders wat dikwels afwesig is, maar ongelukkig doen ek nie opvolgwerk nie’*.

Van die onderwysers neem net beperkte aksie, soos die woorde van hierdie onderwyser aandui: *‘So daar is niks wat ons doen as iemand siek is nie, dalk gee ons net vir hulle ‘n brief om na die kliniek toe te gaan en dit eindig daar’*. Daar word dus nie opgevolg of die kind wel na die kliniek gegaan het en behandeling ontvang het nie. In gevalle waar onderwysers wel betrokke geraak het, word die betrokkenheid nie op die langtermyn gehandhaaf nie: *‘Ek weet nie hoe haar huidige situasie lyk nie, sy woon nou by haar kêrel’*, noem een onderwyser.

Onderwysers het hul bekommernisse daarvoor uitgespreek dat, indien hulle wel betrokke raak by kinders, sekere vrae by ander onderwysers kan ontstaan oor die redes onderliggend aan hul optrede, en meer spesifiek dat die persepsie dat hulle 'n persoonlike belang het by die leerder, krities geoordeel sou word. Hierdie onderwyser spreek sy/haar misnoeë hieroor uit: *'As onderwysers is ons regtig benadeel in terme van met kinders praat, want ander mense kan jou verkeerd oordeel as jy dalk 'n kind volg en wil weet wat die probleem is, hoekom is jy nou vet, hoekom is jy nou maer; 'n ander persoon kan sê dat jy 'n persoonlike belang het deur net daardie kind te help'*. Dit sal dan onderwysers verhoed om by leerders se probleme betrokke te raak of om dit op te volg. Daar is ook ander faktore wat onderwysers verhoed om hul aksies op te volg en/of hul betrokkenheid op die lange duur te handhaaf, soos 'n gebrek aan ondersteuning aan onderwysers en 'n gebrek aan samewerking tussen onderwysers en ander ondersteuningsmeganismes.

'n Verdere faktor wat opvolgwerk verhoed, het te make met ouers. Dit is baie moeilik vir 'n onderwysers om 'n kind te help indien die ouers nie hul samewerking gee nie. Een van die onderwysers het byvoorbeeld genoem dat dit haar beperk om 'n kind te help as die kind oopmaak teenoor haar, maar dan weier die ouer om die onderwyser te kom sien en dan kan die onderwyser nie die kind help nie, want hy of sy weet nie wat die probleem is nie.

#### 4.2.4 'Ek dink daar is net soveel wat jy kan dra' - Emosionele uitputting en rolstremming

Die woorde van 'n deelnemer illustreer die emosionele las wat onderwysers soms moet dra: *'Ek is een van daardie ongelukkige onderwysers wat kinders baie gou aantrek, en dit was ook een van die redes waarom ek bedank het by my vorige skool: ek kon nie die persoonlike, sosiale probleme van kinders meer hanteer nie, want dis wat jou wakker hou in die aande'*.

Daar is verskeie faktore wat kan bydra tot hierdie ervaring van onderwysers. Onderwysers voel dikwels oorweldig deur die aantal kinders wat hulp nodig het: *'Jy word betrokke en ek dink dit put jou emosioneel uit, en dit is erger as net die akademiese program en daar is so baie kinders wat hulp nodig het en ek kan nie by almal uitkom nie'*. Hierdie gevoel van oorweldiging word deur 'n ander deelnemer beaam, wat onseker is of sy 'n uitgebreide rol wil speel: *"ek weet nie of ek so baie dinge van ander mense kan dra nie. Ek dink daar is net soveel wat jy kan dra"*.

Een van die aspekte wat ook na vore gekom het wat onderwysers verhoed om betrokke te raak in die gemeenskap, is beperkings ten opsigte van tyd. Een van die onderwysers wat betrokke

was by 'n komitee in die gemeenskap wat onder andere tuisversorgers koördineer, moes byvoorbeeld onttrek, aangesien haar uitgebreide rol in hierdie verband beteken het dat sy soms eers teen 11:00 in die aand by die huis kom. Volgens hierdie onderwyser is dit onrealisties om van onderwysers te verwag om gemeenskapsbetrokkenheid van 'n omvattende aard met hul gewone take as onderwysers te kombineer.

Hierdie bevindinge dui indirek op 'n behoefte by onderwysers vir ondersteuning en opleiding, indien daar van hulle verwag sou word om 'n uitgebreide rol te speel in die konteks van kinders wat weerloos gelaat is as gevolg van MIV/VIGS. Meer en beter ondersteuning aan onderwysers, gebied deur die skool en ook deur die plaaslike gemeenskap, sal 'n bydrae kan lewer om onderwysers minder oorweldig te laat voel. Hierdie punt word vervolgens meer omvattend bespreek.

#### 4.2.5 'Ons voel dat ons die groter rol kan speel, as ons kinders na ander mense kan verwys' - Gebrek aan ondersteuning vir onderwysers

'n Aantal onderwysers het ondersteuning as 'n probleem genoem, maar "ondersteuning" beteken vir elke onderwyser iets anders. Vir sommige onderwysers het die ondersteuning vir hulle die betrokkenheid van maatskaplike werkers beteken, soos hierdie onderwysers aandui: *'Ons voel dat ons 'n groter rol kan speel, as ons kinders na ander mense kan verwys, as daar dalk 'n maatskaplike werker by die skool was'*. 'n Aantal onderwysers deel hierdie behoefte aan 'n maatskaplike werker by die skool. Vir ander onderwysers het hierdie ondersteuning die betrokkenheid van 'n sielkundige by die skool beteken.

Die behoefte aan skoolgebaseerde ondersteuning kan ook die vorm van 'n voorligtingsdiens inneem. Een onderwyser vergelyk byvoorbeeld die situasie in die huidige skool waar sy werk met die situasie in haar vorige skool, waar daar meer ondersteuning was van die skool se kant af, met hierdie woorde: *'Ja, ek weet by my vorige skool, was daar 'n baie goeie voorligtingsdiens, maar dit is nie regtig hier nie'*. Dit het uit die onderhoud geblyk dat die aanwesigheid van ondersteuningsmeganismes soos dié, die taak van onderwysers in die konteks van MIV/VIGS aansienlik sou vergemaklik.

Een van die skoolhoofde het selfs ook kritiese uitsprake gelewer oor die aard van bestaande programme by sy skool: *'Maar net 'n paar klasse het die plakkate, en dit beteken dat daar nog baie is wat gedoen moet word in terme van bemagtiging van die onderwysers en die leerders. En dit eindig net op in lewensoriëntering, wat beteken dat ons vir [onderwysers] beperkte inligting gee, want ek glo dat ons hul soveel as moontlik moet betrokke kry'*. Sy

respons dui daarop dat selfs indien 'n skool 'n program het, dit nie altyd genoegsaam is nie, en dat dit verder uitgebrei kan word. Die feit dat die skoolhoof die onderwysers insluit wanneer hy praat oor bemagtiging, dui daarop dat die skoolhoof besef dat 'n goeie program in die skool die onderwysers ook van hulp sal wees.

Daar was ook onderwysers wat gedui het op die behoefte aan ondersteuningsgroepe: *'Ek het ondersteuningsgroepe nodig, daar is geen ondersteuningsgroepe nie'*. Daar was egter nie altyd duidelikheid by die deelnemers oor wie spesifiek hierdie ondersteuningsgroepe is nie, maar daar is aangedui dat hulle rol kan wees om berading aan ouers te gee.

Buite skoolverband is 'n behoefte aan ondersteuning in die vorm van tuisversorgers in die gemeenskap ook genoem. Vele van die onderwysers het 'n behoefte vir groter samewerking in die gemeenskap genoem. Een van die onderwysers by Siphumeze Educare Centre noem dat die gemeenskap moet *'kombineer'*. 'n Ander onderwyser stel dit so: *'Al die sentrums moet weet wat gebeur'*. Hierdie woorde dui op 'n behoefte aan groter koördinering van gemeenskapsaksies.

Die behoefte aan 'n kliniek in Lllingelethu het ook 'n aantal kere na vore gekom, en een van die skoolhoofde stel die probleem so: *'Plekke soos klinieke is skaars hier. En hulle moet 'n ver afstand loop en wag in 'n ry. Selfs die munisipaliteit en die regering moet na die probleem kyk want ons het ons eie kliniek nodig en dit moet naby wees'*. Die naaste kliniek aan Lllingelethu is in Wesbank, om en by 4 kilometer weg, en dus 'n baie groot en ook gevaarlike stapafstand.

Ten opsigte van samewerking tussen die onderwys- en gesondheidssektor, het die onderwysers genoem dat die daghospitaal betrokke is, sowel as tuisversorgers en beraders van die regering. Maar hul betrokkenheid is deur een onderwyser as relatief beperk beskryf: *'.....hulle vertel mense van die siekte en ook wat die gemeenskap moet doen wanneer hulle sien dat iemand geaffekteer is'*.

#### **4.3 Dienste en hulpbronne beskikbaar in die skool en gemeenskap**

In hierdie afdeling word die ondersteuningsmeganismes wat tot die beskikking van onderwysers is, bespreek. Die eerste kategorie van dienste en hulpbronne wat beskikbaar is vir onderwysers in hierdie konteks, is dié uit die gemeenskap.

#### 4.3.1 Hulpbronne uit die gemeenskap

Ondersteuningsmeganismes vanuit die gemeenskap wat pertinent deur deelnemers genoem is, sluit die volgende in:

- Die 'Love Life' Veldtog
- Die gesondheidssektor in die vorm van die daghospitaal, tuisversorgers en beraders van die regering
- Die 'Multipurpose Centre' in Llingeletu
- Kerke
- Die 'Group of hope' ('n organisasie van korrektiewe dienste in Malmesbury)
- Maatskaplike werkers
- Sinetemba MIV/VIGS Projek

Daar is egter ook sekere uitdagings en probleme verbonde aan hierdie ondersteuningsmeganismes. Die 'Love Life' Veldtog, sowel as die gesondheidssektor se betrokkenheid, het grootliks bewusmaking ten doel. Hierdie agentskappe is dus nie betrokke by die versorging en ondersteuning van leerders nie. Tuisversorgers is ook genoem as agente wat genader kan word. Daar is 'n organisasie gestig deur die Munisipaliteit en 'n groep verpleegsters waaruit die tuisversorgers verkies is.

Die 'Multi Purpose Centre' in Llingeletu is deur 'n aantal onderwysers genoem as 'n voorbeeld van 'n hulpbron uit die gemeenskap. Daar is egter nog nie direkte samewerking tussen die sentrum en skole nie, en een van die skoolhoofde het genoem dat die sentrum vroeg in 2007 gesê het dat hulle werk aan programme wat skole betrek, maar dat die skool nog niks verder gehoor het nie.

Een van die onderwysers het genoem dat daar betrokkenheid van 'n N.G. Kerk by die skool was: '*Hulle gee klere en soms sop*'. 'n Ander onderwyser het gesê dat hulle kerke in die gemeenskap kan nader vir ondersteuning, maar dit het nie voorgekom asof dit al gedoen is nie.

Ten opsigte van ondersteuning gebied deur maatskaplike werkers, word daar ook probleme ondervind. Van die deelnemers het genoem dat die maatskaplike werkers nie Xhosa magtig is nie, en dit veroorsaak dat die leerders nie na die maatskaplike werker wil gaan nie. Een van

die onderwysers deel haar ondervinding soos volg: *‘Maar sy het vir my gesê dat daar hier nie ‘n maatskaplike werker is wat Xhosa kan praat nie. Daar is dan ‘n beperking in die ondersteuning wat die kind nodig het. Hulle is bang om na ‘n wit of kleurling maatskaplike werker te gaan, en hulle is bang om Engels of Afrikaans te praat en meeste van hulle kom van die Oos Kaap af en ons as opvoeders vind dit ook moeilik’.*

Daar was ook van die onderwysers wat die Sinetemba MIV/VIGS Projek genoem het as ‘n diens in die gemeenskap wat hulle kan gebruik, maar dit is egter in Wesbank, ‘n naburige gemeenskap, geleë.

Die onderwysers het ook ‘n behoefte aan ‘n meer aktiewe rol deur die kliniek en die verpleegsters in skole genoem, daar was byvoorbeeld onderwysers wat genoem het dat hulle graag sou wou sien dat verpleegsters die skole besoek en die kinders ondersoek.

Oor die algemeen blyk dit dat die hulpbronne in die breër gemeenskap wat wel tot onderwysers se beskikking is, beperk is. Bekommernis is ook uitgespreek deur ‘n deelnemer dat, hoewel daar dienste in die gemeenskap is, die persone wat in beheer is die hulpbronne misbruik en dat dit lank neem om resultate te sien.

#### 4.3.2 Hulpbronne uit die skool

Ten opsigte van hulpbronne uit die skool het dit nie voorgekom asof daar enigiets is wat onderwysers daadwerklik kan benut om leerders wat weerloos gelaat is in die konteks van MIV/VIGS te ondersteun nie. Die meeste onderwysers het genoem dat ‘n beleid in plek is, byvoorbeeld ‘n skool se MIV/VIGS Program, maar dikwels het dit voorgekom asof dit slegs op papier bestaan, en nie werklik iets is waarop onderwysers kan terugval wanneer hulle te doen het met kinders in die konteks van MIV/VIGS nie. ’n Hoof van ‘n skool het byvoorbeeld in haar klas plakkate opgeplak, waarin die beleid uiteengesit word, maar tydens die onderhoud het sy ‘n behoefte aan ‘n beleid aangedui. Volgens ‘n ander skoolhoof is die program in die skool slegs in die beginfase, en moet daar nog baie gedoen word.

As gevolg van die gebrek aan ‘n plan van aksie van die skool se kant af, is dit dus nie verbasend dat onderwysers dikwels in hul persoonlike kapasiteit optree, indien daar ‘n kind is wat hulle as weerloos identifiseer (soos bespreek in afdeling 4.1.3).

#### 4.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar eerstens vasgestel dat onderwysers wel vir hulself 'n rol sien in die konteks van kinders wat weerloos gelaat is as gevolg van MIV/VIGS. Daar was egter ook onderwysers wat onseker was oor of hulle so 'n rol wil speel, as gevolg van verskeie redes, onder andere die feit dat onderwysers oorweldig voel en ook omdat onderwysers voel dat maatskaplike werkers en ander rolspelers na die versorging en ondersteuning van kinders moet omsien. Vir diegene wat wel gevoel het dat hulle 'n rol het, het die rol verskillende dimensies aangeneem wat deur die deelnemers identifiseer is, naamlik: aanvaarding, samewerking, ondersteuning en hoop.

In die ondersoek is daar ook sekere uitdagings deur die deelnemers geïdentifiseer wat hulle in 'n meerdere of mindere mate verhoed om leerders te versorg en te ondersteun. Hierdie uitdagings is: Bekendmaking van MIV status, gebrek aan agtergrondsinligting, faktore wat opvolgwerk belemmer, emosionele uitputting en rolstremming, en 'n gebrek aan ondersteuning.

'n Belangrike uitdaging wat geïdentifiseer is, is 'n gebrek aan inligting. Hierdie inligting verwys na agtergrondsinligting van leerders sowel as inligting oor watter ondersteuningsmeganismes in die gemeenskap beskikbaar is. Gedurende onderhoude het dit aan die lig gekom dat veral onderwysers wat nie van Llingeletu afkomstig is nie, hierdie probleme ervaar. Daar is egter ook van die onderwysers wat in die gemeenskap woon, wat nie altyd bewus is van hulpbronne wat in die gemeenskap beskikbaar is nie. Hierdie gebrek aan agtergrondsinligting is dan ook een van die faktore wat opvolgwerk belemmer. Ander uitdagings wat geïdentifiseer is, hou verband met die stigma wat met MIV/VIGS saamgaan, wat verhoed dat leerders en gesinne hul MIV - status bekendmaak. Gevolglik kan onderwysers nie van hulp wees nie, omdat hulle onbewus is van die probleme waarteen die leerder te staan kom. Die uitdaging van emosionele uitputting en rolstremming is deels 'n gevolg van sekere van die ander uitdagings, veral die gebrek aan ondersteuning aan onderwysers. Hierdie ondersteuning verwys na ondersteuning vanuit die skool en ook vanuit die gemeenskap. Dit is dus duidelik dat daar skakels tussen die verskillende uitdagings is.

Daar het egter ook positiewe narratiewe aan die lig gekom. Onderwysers neem dikwels eie inisiatief om kinders by te staan, soos byvoorbeeld die onderwysers wat vir 'n leerder finansiële hulp wou verkry, of die onderwyser wat aan 'n leerder hulp verleen het toe sy in 'n motorongeluk was. Hierdie is voorbeelde van onderwysers wat ten spyte van beperkte



hulpbronne en ondersteuning hul posisie as onderwysers gebruik om leerders te identifiseer wat hulp nodig het, en iets aan die situasie te doen. Hierdie gevalle illustreer hoe onderwysers werklik belangrike rolspelers in die lewens van kinders wat weerloos gelaat is in die konteks van MIV/VIGS, kan wees.

Eie inisiatief deur onderwysers is egter ook 'n gevolg van die feit dat ondersteuning vanuit skole onvoldoende is, en dit plaas dan die verantwoordelikheid op die onderwyser om aksie te neem. Die feit dat onderwysers gedwing word om eie inisiatief te neem bewys weer dat daar 'n behoefte aan ondersteuningsmeganismes in skole en die wyer gemeenskap is. Die ondersoek het ook 'n aantal ondersteuningsmeganismes uitgelig, maar in skole is daar nie daadwerklike ondersteuning aan onderwysers nie, en die ondersteuning vanuit die gemeenskap is ook nie onproblematies nie.

## Hoofstuk 5 Samevatting

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel hoe onderwysers in 'n arm gemeenskap oor hul rol in die konteks van die MIV/VIGS epidemie voel, wat die uitdagings is wat deur hierdie onderwysers ervaar word, en of daar dienste en hulpbronne is om die onderwysers te ondersteun. In die vorige hoofstuk is die resultate van die empiriese gedeelte van die ondersoek gebruik om hierdie vrae te beantwoord. In hierdie hoofstuk word die hoofbevindings in terme van die verskillende navorsingsvrae uitgelig en saamgevat. Daar gaan ook aangedui word hoe hierdie bevindings met die literatuur oor die onderwerp verband hou, deurdat skakels tussen die bevindings en die literatuur aangedui word, en ooreenstemmings en afwykings tussen die bevindings en die literatuur bespreek word. Aan die einde van die hoofstuk word die relevansie van die bevindings uitgelig, veral in terme van 'n aantal beleidsvoorstelle wat uit die ondersoek voortvloei.

### 5.1 Samevatting van bevindings in die konteks van bestaande literatuur

#### 5.1.1 Die rol van die onderwyser in die konteks van MIV/VIGS

In die onderwysektor het uitdagings wat met die MIV/VIGS epidemie gepaardgaan, denke oor opvoeding verander. Die vernaamste verskuiwing is die erkenning dat die onderwysektor 'n spesiale verantwoordelikheid in terme van die MIV/VIGS epidemie moet aanvaar (Coombe, 2002:vii). Hierdie standpunt impliseer nuwe vereistes wat aan onderwysers in die konteks van MIV/VIGS gestel word, en verander dus die rol van die onderwyser (Kelly, 1999:5). In die ondersoek is vasgestel dat onderwysers wel vir hulself 'n rol sien in hierdie konteks. Verskillende dimensies van hoe onderwysers hul rol sien, het na vore gekom.

##### *5.1.1.1 Die skool en onderwysers se rol in die verlede ten opsigte van MIV/VIGS*

Coombe (2001:3) wys daarop dat daar nou 'n behoefte aan 'n breër strategie in die onderwysektor is, wat die volle uitdaging van die epidemie aanspreek, en nie slegs op voorkoming fokus nie. Die ondersoek het egter bevind dat daar by onderwysers steeds 'n beperkte reaksie is, deurdat hul fokus nog baie op voorkoming ingestel is, en skole se MIV/VIGS programme geneig is om tot lewensoriëntering beperk te wees.

'n Verdere aspek van die beperkte reaksie van beide skole en onderwysers wat in die ondersoek na vore gekom het, is dat die meerderheid onderwysers geneig is om slegs te dink

in terme van kinders wat *geïnfekteer* is deur die virus, en gevolglik nie kinders wat dalk op ander maniere *geaffekteer* is, in ag neem nie.

#### *5.1.1.2 Dimensies van onderwysers se persepsie van hul rol*

In die ondersoek is verskillende dimensies van die rol wat onderwysers vir hulself in die konteks van MIV/VIGS sien, geïdentifiseer. Die eerste hiervan is aanvaarding. Hierdie aanvaarding sluit ook die gesinne in wat deur die epidemie affekteer word; en dui dus aan dat van die onderwysers ook vir hulself 'n rol in die wyer gemeenskap sien. Die tweede dimensie van onderwysers se rol is samewerking. Hierdie aspek van hul rol dra verskillende betekenis vir verskillende deelnemers en verwys onder andere na samewerking tussen onderwysers en ouers, die gesondheidssektor, maatskaplike werkers, en religieuse liggame, asook tussen die skool se MIV/VIGS program en ander programme in die gemeenskap, wat weereens daarop dui dat daar van die onderwysers is wat vir hulself 'n rol in die wyer gemeenskap sien.

Die volgende dimensie van onderwysers se rol wat in die ondersoek na vore gekom het, is ten opsigte van ondersteuning. Die deelnemers het verskillende betekenis aan die term verleen, wat wissel vanaf praktiese ondersteuning en betrokkenheid in die wyer gemeenskap, tot berading en pogings tot kommunikasie met leerders om hul omstandighede beter te verstaan.

Kelly (1999:5) noem ook onder ander die nuwe beradingsrolle wat onderwysers moet aanneem. In die ondersoek het dit na vore gekom dat dit wel die geval is en dat onderwysers dikwels met leerders oor 'moeilike' onderwerpe moet praat en vertroueling van leerders is, en dat opleiding in hierdie verband as nuttig ervaar word. Oor die algemeen dui die ondersoek op die belangrikheid en waarde daarvan om onderwysers deeglik voor te berei en toe te rus vir die uitgebreide rol wat hulle sal moet speel.

In die literatuur (Kelly, 2000:36) het die belang van die rol van die wyer gemeenskap ook na vore gekom, veral in die lig van kritiek dat in hul huidige reaksie op MIV/VIGS, skole te veel op die onderwyser staatmaak as die persoon wat inligting voorsien en houdings ontwikkel, en dat die onderwyser nie noodwendig die regte persoon vir hierdie rol is nie. Daarom is dit volgens Kelly (2000:36) belangrik om nie-formele opleidingsprogramme, wat die betrokkenheid van byvoorbeeld ouers, lede van die gemeenskap en jeug uit die gemeenskap sou fasiliteer, deel te maak van die onderwyssektor se reaksie tot die epidemie.

‘n Volgende dimensie van onderwysers se rol is om aan kinders ‘n gevoel van hoop en ‘n positiewe ingesteldheid te bied. Dit vind weerklank in die Wêreldbank (2002:7) se beskrywing van die skool as ‘n ‘Venster van Hoop’, oftewel ‘n sektor wat daadwerklik ‘n verskil kan maak.

In die ondersoek het verskillende uitbeeldings van onderwysers se rol dus na vore gekom, en dit impliseer ook dat die mate van betrokkenheid van elke onderwyser sal verskil. Sommige onderwysers voel dit is nie deel van hul taak as onderwysers om ‘n uitgebreide rol te speel nie, en stem dus saam met Kelly (2000:36), terwyl ander in hul persoonlike kapasiteit deel is van kinders se lewens. Die tipe optrede wat deel vorm van die uitgebreide rol wissel ook van skool tot skool en tussen verskillende deelnemers. Vir sommige van die onderwysers strek die ondersteuning en versorging in hierdie konteks tot finansiële ondersteuning, terwyl dit vir ander net ‘n verwysing na ‘n kliniek of maatskaplike werker beteken. Die rede vir hierdie variasie is dat onderwysers hul rol verskillend sien: sommige deelnemers sien vir onderwysers ‘n duidelike rol in die versorging en ondersteuning van leerders, terwyl ander van mening is dat onderwysers nie hierdie rol het nie. Die rede wat van die onderwysers hiervoor gee is, dat daar in skole maatskaplike werkers en sielkundiges moet wees om hierdie rol te vervul. Dit skakel dus met Kelly (2000:36) se kritiek dat skole te veel op die onderwyser staatmaak as die persoon wat inligting voorsien en houdings ontwikkel en dat die onderwyser nie noodwendig die regte persoon vir hierdie rol is nie. Kelly (*ibid.*) noem dat ouers, lede van die gemeenskap en jeug uit die gemeenskap deel moet wees van die onderwyssektor se reaksie tot die epidemie.

Dit is egter duidelik dat die skool en die meerderheid onderwysers wel voel dat daar van hulle in konteks van MIV/VIGS verwag kan word om ‘n uitgebreide rol te speel in die lewens van weerlose kinders. In die konteks van die MIV/VIGS epidemie het die skool en die onderwyser dus ‘n aantal nuwe rolle aangeneem. Hierdie stand van sake, tesame met ander vereistes wat die epidemie aan onderwysers en die skool stel, het daartoe gelei dat idees oor die skool en die funksies wat skole en onderwysers in die gemeenskap en breër samelewing verrig, verander.

#### 5.1.2 Die behoefte aan ‘n uitgebreide rol vir die skool in die gemeenskap

Een van die vereistes wat volgens Kelly (1999:5) in die konteks van die MIV/VIGS epidemie aan skole en onderwysers gestel word, is dat die skool nou moet dien as die middelpunt vir die uitdra van boodskappe oor MIV/VIGS aan leerders en personeel by daardie skool, aan die

onderwysgemeenskap, en aan die gemeenskap wat die skool dien. Die skool word dus as 'n veeldoelige ontwikkelings- en welsynsinstelling gesien, wat meer as formele skoolopvoeding in die tradisionele sin van die woord verskaf.

Ten opsigte van hierdie nuwe vereiste het dit in die ondersoek na vore gekom dat pogings om die skool as instelling te omskep deur 'n uitbreiding van die funksies wat dit in die gemeenskap verrig nog beperk is. Dit is eerder individuele onderwysers - en tot 'n mindere mate ander agente, soos maatskaplike werkers - wat dikwels in hul persoonlike kapasiteit poog om 'n uitgebreide rol in die gemeenskap te speel.

Kelly (2005:88) wys daarop dat wesenlike oplossings vir die probleme waarteen kinders te staan kom, in die gemeenskap gebied word, deurdat die meeste weeskinders en ander weerlose kinders geaffekteer deur MIV/VIGS by 'n oorlewende ouer of die uitgebreide gesin woon. Dit geld ook vir uitdagings wat in die onderwys ervaar word (Kelly, 2005:88). Dit beteken dat skole in gemeenskappe geïntegreer sal moet word indien hul werklik oplossings wil vind vir die probleme waarteen leerders wat deur MIV/VIGS weerloos gelaat is, te staan kom. Prakties gesproke verwys dit na groter samewerking tussen die skole en die gemeenskap, wat onder andere samewerking insluit tussen gesondheidswerkers, opvoeders, gesinne, maatskaplike werkers, ander spesialispersoneel, plaaslike religie-liggame en nie-regerings organisasies (Kelly, 2005:88).

Voorstelle vir optrede deur skole in die uitbreiding van hul rol, stem ooreen hiermee, deurdat daar gefokus word op die bevordering van samewerking tussen onderwysers, ouers en die gemeenskap. Daar is oproepe vir ouers en die gemeenskap om skole te ondersteun en om betrokke te raak by die bestuur van skole en by ander skool-gesentreerde inisiatiewe, soos nasionale skoolvoedingsprogramme (UNAIDS, 2004:12).

Ten opsigte van samewerking tussen skole en die gesondheidssektor, het hierdie ondersoek aan die lig gebring dat vele uitdagings bestaan, byvoorbeeld die gebrek aan 'n kliniek in die gemeenskap, en 'n behoefte aan 'n meer aktiewe rol gespeel deur die kliniek en die verpleegsters in skole, byvoorbeeld deur die skole te besoek en die kinders te ondersoek.

Pogings om die skool se rol in die gemeenskap uit te brei, is ook beperk tot enkele onderwysers wat byvoorbeeld by munisipale komitees betrokke raak, en die volhoubaarheid daarvan word ingeperk deur onderwysers se gebrek aan tyd.

Ten opsigte van samewerking met die religie-liggame in die gemeenskap, blyk dit dat enkele kerke in Llingeletu, sowel as in die groter gemeenskap van Malmesbury, 'n hulpbron is met spesifieke verwysing na kinders wat weerloos gelaat is deur MIV/VIGS. Dit blyk egter nie dat daar werklike betrokkenheid van kerke by die skole se daaglikse aktiwiteite is nie.

Samewerking tussen skole en maatskaplike werkers is daar wel. Die skole verwys dikwels leerders na maatskaplike werkers. Daar is egter ook uitdagings hieraan verbonde, veral ten opsigte van taal. Hierdie struikelblok word aangespreek deur individuele inisiatief - byvoorbeeld 'n onderwyseres wat haar kennis van Afrikaans gebruik om gesinne te help om briewe te rig aan maatskaplike werkers - wat ook samewerking tussen die skool en gesinne illustreer.

Ten opsigte van die betrokkenheid van nie-regeringsorganisasies by skole was daar nie werklik sprake nie. Dit stem ooreen met die bevinding van Wilson *et al.* (2002:35) dat die rol wat nie-regerings organisasies ter ondersteuning van kinders in skole kan speel, nie ten volle benut word nie. Uit hierdie ondersoek blyk dit dat onderwysers egter wel die 'Multi-Purpose Centre' in Llingeletu benut, deur kinders aan te moedig om dit te besoek, en dat hulle die 'Love Life' veldtog as 'n hulpbron in die gemeenskap identifiseer. 'Love Life' versprei egter hoofsaaklik voorkomingsboodskappe, en spreek nie ander aspekte van die epidemie, en spesifiek kinders wat daardeur weerloos gelaat is, aan nie. Ten slotte is daar een aspek van die samewerking tussen die skool en die gemeenskap wat nie in die literatuur, maar wel in die ondersoek na vore gekom het, naamlik samewerking tussen skole en korrektiewe dienste – in die vorm van hul organisasie, 'Group of Hope' in Malmesbury.

In die literatuur word skole as potensiële middelpunte van versorging en ondersteuning geïdentifiseer. Dit beteken prakties dat skole plekke moet wees waar die toegang tot en lewering van dienste aan kinders versterk kan word (Giese, 2003:3). Na afloop van hierdie ondersoek is dit egter duidelik dat die beperkte samewerking tussen die onderwyssektor en die res van die gemeenskap aangespreek sal moet word om hierdie visie in die Llingeletu gemeenskap te verwesenlik.

Die Verenigde Nasies (VN) beskou ook samewerking met ander sektore as een van die maniere waarop die skool weerlose leerders kan ondersteun (UNAIDS, 2004:2). Die VN neem egter hierdie samewerking 'n stap verder, deur voor te stel dat die skool skakeling met sosiale gemeenskapsdienste en –netwerke, sowel as die koördinering van multisektor- en

vennootbetrokkenheid, moet inisieër (*ibid.*). Dit beteken dat die skool 'n belangrike rol moet speel in die *daarstel* van hierdie vennootskappe en samewerking (UNAIDS, 2004:2). Die skole kan dus nie net wag tot die ander sektore hulle nader vir samewerking nie, maar hulle moet ook die samewerking iniseër. Hiervoor is sterk leierskap in die skool nodig. In die skole waarin die ondersoek uitgevoer is, het dit egter geblyk dat daar onvoldoende leierskap met betrekking tot die *daarstel* van aktiewe MIV/VIGS-programme en beleid is. In al die skole was daar nie werklik sprake van 'n MIV/VIGS-program of -beleid nie, alhoewel daar persone aangewys is wat in beheer daarvan moet wees. Die programme is slegs in die beginfase. Dit beteken dat samewerking op hierdie gebied tussen die skool en die wyer gemeenskap daaronder ly. Volgens Rayners (2007:13) het die skoolhoof hier 'n belangrike rol aangesien hy of sy die uiteindelijke leierskapsverantwoordelikheid op skoolvlak dra, omdat hy of sy moet toesien dat die beleide en programme geïmplementeer en bestuur word (Rayners, 2007:23).

Inter-sektorale samewerking behels ook samewerking tussen die skool en onderwysers en hul instellings, soos vakbonde en professionele verenigings, en ouers en grootouers, insluitend ouer-onderwyserverenigings (Cohen, 2002:19-20). In die ondersoek het dit duidelik geblyk dat 'n gebrek aan ouerbetrokkenheid 'n probleem is wat deur talle onderwysers ondervind word. Dit mag wees dat hierdie probleem te doen het met die kwessie van stigma wat gepaardgaan met MIV/VIGS, wat mense verhoed om hul MIV-status bekend te maak. Dit lei dikwels daartoe dat 'n huishouding 'n familielid se status geheimhou, en dat MIV/VIGS-verwante sterftes van familie of vriende nie as sulks erken word nie (Coombe, 2004:107). Dit beteken dat onderwysers nie ten volle bewus is van die huislike omstandighede van leerders nie, en dat indien daar leerders is wat uit 'n geaffekteerde huishouding kom, die onderwyser nie bewus is daarvan nie, en dus nie die ondersteuning kan verskaf wat die leerder nodig het nie. Stigma veroorsaak ook dat leerders self nie hul MIV-status aan onderwysers bekendmaak nie, en dus verhoed dit hulle om die nodige hulp, insluitend ondersteuning en versorging, van onderwysers te verkry.

As gevolg van die sensitiewe aard van die siekte en die stigma wat daarmee gepaardgaan, bevind onderwysers hulself ook dikwels in eties-ingewikkelde situasies, soos geïllustreer deur 'n onderwyseres wat in haar hoedanigheid as buurvrou van 'n gesin ingelig is dat die ma van 'n leerder van die skool waar sy skoolhou, MIV positief is. Die onderwyser het egter nie hierdie inligting aan ander onderwysers bekendgemaak nie. Die vraag ontstaan nou of, indien

sy die skool ingelig het, die skool dalk van meer hulp kon wees vir die gesin en die leerder wat geaffekteer is. Hierdie en ander uitdagings word vervolgens saamgevat.

### 5.1.3 Uitdagings vir die verwesenliking van die uitgebreide rol van die onderwyser

Deur middel van 'n literatuurstudie en die response van onderwysers wat deelgeneem het aan die ondersoek, is verskeie uitdagings geïdentifiseer, wat dit vir onderwysers moeilik maak om leerders te ondersteun en te versorg, en ook skole verhoed om 'n uitgebreide rol in die gemeenskap te speel.

#### 5.1.3.1 Bekendmaking van MIV-status

Volgens Coombe (2000:24) moet samewerking en vertroue die reaksie tot MIV/VIGS in Suid-Afrika kenmerk. Die feit dat 'n aantal van die onderwysers nie van Llingeletu afkomstig is nie, bemoeilik die ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding tussen die lede van die gemeenskap en die ouers van die leerders. Die literatuur het ook daarop gedui dat 'n gebrek aan vertroue tussen onderwysers en leerders of versorgers veral duidelik was waar onderwysers buite die gebied wat deur die skool gedien word, woon (Wilson *et al.*, 2002:35).

Omdat MIV/VIGS 'n siekte is wat met stigma gepaardgaan, is die kwessie van vertroue van sentrale belang. Vertroue is ook 'n belangrike eienskap van die verhouding tussen onderwyser, leerder en ouers ten opsigte van die bekendmaak van MIV status. Indien die leerders of die ouers nie die onderwyser vertrou nie, sal hulle nie hul status bekendmaak nie, en dit verhoed dat die onderwyser en die skool die leerder en die gesin van hulp kan wees. Wilson *et al.* (2002:35) noem dat leerders nie persoonlike inligting met onderwysers wil deel nie, aangesien hulle bang is vir moontlike negatiewe gevolge. Hierdie ondersoek vind dat leerders spesifiek bang is dat die onderwyser nie die inligting vertroulik sal hanteer nie, wat weereens dui op die kritiese rol wat vertroue in hierdie verband in Llingeletu speel.

'n Verdere belangrike gevolg van 'n gebrek aan vertroue tussen ouers en onderwysers, is dat dit ouers verhoed om by aktiwiteite van die skool betrokke te raak. Vele van die deelnemers aan die ondersoek het aangedui dat ouerbetrokkenheid een van die uitdagings is wat hulle moet oorkom. Byvoorbeeld, die ouers van 'n kind wat as weerloos geïdentifiseer is, word deur die skool gekontak, maar die ouers is skynbaar onwillig om die onderwysers te kom sien.



### 5.1.3.2 Gebrek aan agtergrondsinligting

Hierdie uitdaging is tweeledig. Dit verwys eerstens na die beperkte inligting wat onderwysers oor die huislike omstandighede van leerders wat onderwysers tot hul beskikking het. In die ondersoek het dit dikwels na vore gekom dat onderwysers nie oor genoegsame inligting oor leerders beskik nie, as gevolg van die feit dat hulle onlangs by die skool aangesluit het, of (soos reeds hierbo genoem) nie van die betrokke gebied afkomstig is nie. Aan die ander kant, wanneer onderwysers bewus is van leerders se omstandighede, is hulle meer in staat om die leerders van hulp te kan wees. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Wilson *et al.* (2002:35) dat die beperkte kennis van kinders se huislike omstandighede een van die hindernisse is wat onderwysers verhoed om weeskinders te versorg en te ondersteun. Faktore wat veroorsaak dat onderwysers nie bewus is van leerders se huislike omstandighede nie, moet dus aangespreek word.

Tweedens verwys gebrekkige inligting na die feit dat onderwysers dikwels beperkte kennis het van dienste, waarna weerlose kinders verwys kan word (Wilson *et al.*, 2002:35). In hierdie ondersoek het dit dan ook aan die lig gekom dat vele onderwysers, maar veral dié wat nie van Llingeletu afkomstig is nie, onbewus is van die dienste wat wel in die gemeenskap beskikbaar is. Dit beteken dat waardevolle geleenthede om kinders te versorg en te ondersteun, verlore gaan.

Indien aksie wel geneem word nadat kinders as weerloos geïdentifiseer is, is dit dikwels van 'n beperkte aard, en opvolgwerk is nie genoegsaam om vas te stel of die leerder wel die nodige hulp ontvang het nie. Wilson *et al.* (2002:33) wys daarop dat identifikasie nie werlik van nut is indien dit nie opgevolg word deur 'n vorm van ondersteuning of verwysing nie, en aangesien die agentskappe wat die beste geplaas is om weerlose kinders te identifiseer selde die agentskappe is wat die beste geplaas is om kinders te ondersteun, is samewerking baie belangrik. Dit dui weereens op die belangrikheid daarvan dat onderwysers ingelig is oor waarheen hy of sy 'n kind kan verwys, die inligting wat nodig is, en die prosedures wat gevolg moet word (Wilson *et al.*, 2002:33). Hierdie uitdaging dui op 'n behoefte aan beter ondersteuning aan onderwysers deur rolspelers, en aan beter kommunikasie tussen verskillende rolspelers, sodat dit wat daar wel in die gemeenskap beskikbaar is, optimaal benut kan word, om soveel weerlose kinders as moontlik te help.

### 5.1.3.3 Faktore wat opvolgwerk belemmer

Soos in die literatuurstudie bespreek, is die onderwyser baie gunstig geplaas om weerlose kinders te identifiseer (Wilson *et al.*, 2002:4). Gebreke in terme van agtergrondskennis, bekwaamheid en kapasiteit van onderwysers het egter 'n negatiewe inwerking op hul vermoë om die geleentheid wat hul kontak met kinders bied, ten volle te benut (Wilson *et al.*, 2002:4). Dit beteken dat die kind die kans ontnem word om die ondersteuning te kry, waarop hy of sy geregtig is.

Ten opsigte van wat Wilson *et al.* (2002:37) 'gapings in die bewustheid' ("*gaps in awareness*") noem, het dit in die ondersoek sterk na vore gekom dat onderwysers dikwels teen hierdie uitdaging te staan kom. Dit verwys daarna dat onderwysers nie bewus is van die huislike omstandighede van leerders nie. Daar is verskeie redes hiervoor wat reeds bespreek is, maar dit is belangrik om daarop te let dat kinders in die proses benadeel word.

Die implikasie is uiteindelik dat onderwysers meer bewus gemaak moet word van die krisis waarteen kinders in die konteks van die epidemie te staan kom. Dit beteken dat onderwysers beter voorberei moet word en ingelig moet word, deur kenners op die gebied, van die verskillende maniere waarop kinders deur die epidemie geraak word, hoe dit hul lewens verander, en hoe hulle in die proses weerloos gelaat word.

Dit lig weereens die belangrikheid uit van die betrokkenheid van ander rolspelers, soos byvoorbeeld maatskaplike werkers, klinieke en sielkundiges, wat 'n sterk bydrae kan lewer om onderwysers van die nodige opleiding en inligting te voorsien. Dit is egter belangrik dat die onderwyser se betrokkenheid nie by identifisering stop nie, maar dat dit deur die nodige optrede opgevolg moet word.

Verdere faktore wat opvolgwerk deur onderwysers belemmer, is emosionele uitputting, rolstremming en 'n gebrek aan ondersteuning. In die ondersoek het dit aan die lig gekom dat van die onderwysers oorweldig voel deur die aantal leerders wat hulp nodig het, en dat dit hulle emosioneel uitput wanneer hulle betrokke raak by die lewens van die leerders. Hierdie uitdaging hou verband met die gebrek aan ondersteuning wat daar beskikbaar is aan onderwysers om hierdie kinders van hulp te wees. Wilson *et al.* (2002:35) dui ook aan dat een van die faktore wat identifikasie, ondersteuning en monitering van weeskinders in skole ondermyn, die moeilike werksomstandighede en gebrek aan ondersteuning aan onderwysers is. Hierdie uitdaging is ook die gevolg van 'n gebrek aan integrasie met ander sektore, soos

deur Wilson *et al.* (2002:35) geïdentifiseer. Indien daar groter samewerking met ander sektore is, sal die las wat onderwysers dra, verlig word.

#### 5.1.4 Onvoldoende realisering van die potensiaal van skole

Die VN noem dat die hulpbronne en potensiaal waaroor skole beskik, dikwels nie ten volle gerealiseer word nie (UNAIDS, 2004:12). In hierdie ondersoek het dit ook na vore gekom: die skool beskik oor die waardevolle potensiaal om weerlose kinders te bereik, maar dit word nie ten volle ingespan om leerders van hulp te wees nie. Hierdie potensiaal kan afgelei word van die positiewe narratiewe van onderwysers wat 'n verskil in die lewens van leerders gemaak het. Dit moet egter meer optimaal benut word, sodat meer leerders daarby baat kan vind.

Ten opsigte van hulpbronne is dit belangrik om daarop te let dat die skole wat by die ondersoek ingesluit is, in 'n baie arm gemeenskap geleë is. Prinsloo (2004:160) noem dat skole in benadeelde gebiede te staan kom teen onder andere 'n gebrek aan orde in gemeenskapstrukture en 'n omgewing sonder stimulasie. In die ondersoek het hierdie 'gebrek aan orde in gemeenskapstrukture' wel aan die lig gekom. Die beperkte samewerking tussen die verskillende instellings in die gemeenskap is 'n aanduiding hiervan, sowel as die feit dat daar beperkte kennis bestaan oor hulpbronne in die gemeenskap wat wel beskikbaar is. Een van die onderwysers het ook die behoefte aan iets om die kinders mee besig te hou, genoem, wat daarop sou kon dui dat die gemeenskap nie voldoende stimulasie vir kinders bied nie. Dit impliseer dat hierdie uitdagings waarteen die skole in arm gemeenskappe - soos die skole in die gemeenskap van Llingeletu - te staan kom, eers aangespreek kan word voordat die ander uitdagings oorkom kan word. In die konteks van die MIV/VIGS epidemie is dit veral belangrik om die 'gebrek aan orde in gemeenskapstrukture' (Prinsloo, 2004:160) aan te spreek, aangesien hierdie en ander ondersoeke daarop dui dat 'n groter mate van samewerking en integrasie met ander dienste nodig is.

## 5.2 Die relevansie van die bevindings

Suid-Afrika is een van die lande met die hoogste aantal MIV infeksies ter wêreld (UNAIDS, 2007:15-16). Die land het ook een van die epidemies wat die vinnigste ter wêreld groei, en die siekte affekteer meestal persone tussen die ouderdomme van 25 en 49 jaar - diegene wat verantwoordelik is om na kinders om te sien (Pharoah en Schönleich, 2003:9). Hierdie aspekte van die MIV/VIGS epidemie in Suid-Afrika, lei daartoe dat gesinne verbrokkel

(Frolich, 2005:352), dat talle kinders weerloos gelaat word, en dat daar in die toekoms steeds meer weerlose kinders sal wees.

Daar bestaan dus 'n groot samelewingsbehoefte om hierdie kinders van hulp te wees, deur hulle te identifiseer, te versorg en te ondersteun. Giese (2003:3) noem dat geleentheid om weerlose kinders te bereik, deur middel van bestaande infrastruktuur uitgebrei moet word. Dit beteken dat ook die kapasiteit van die skool, wat so 'n bestaande infrastruktuur verteenwoordig, uitgebrei moet word. Die bevindinge van die ondersoek poog dus om 'n bydrae te lewer deur aan te dui wat die realiteit in skole in 'n arm gemeenskap is, en deur op grond van empiriese data voorstelle te maak wat onderwysers beter in staat sou stel om 'n uitgebreide rol te speel in die lewens van kinders wat deur die epidemie geïnfekteer of geïmpakkeer word.

Die bevindinge rakende die uitdagings waarteen onderwysers te staan kom, is in hierdie verband veral relevant, deurdat dit spesifieke veranderings identifiseer wat in die onderwyssektor sal moet plaasvind vir die verwesenliking van die visie om die rol van die onderwyser uit te brei om die versorging en ondersteuning van weerlose kinders in te sluit. Daar word dus gehoop dat die identifisering van die uitdagings ook op moontlike oplossings kan dui.

Indien hierdie uitdagings nie aangespreek word nie, sal waardevolle geleentheid om kinders deur die onderwyssektor te bereik, nou en in die toekoms verlore gaan, en sal kinders verder benadeel word. Volgens Wilson *et al.* (2002:4) verteenwoordig die kontak wat onderwysers met kinders het, waardevolle geleentheid. Hierdie geleentheid word egter nie altyd ten volle benut nie en dus is dit van kardinale belang vir die weerlose kinders in Suid-Afrika dat die uitdagings waarteen onderwysers te staan kom, aangespreek word, sodat elke geleentheid wat hom opdoen om 'n kind te bereik en te help, gebruik word.

'n Verdere aspek van die bevindinge wat in terme van relevansie uitgelig kan word, is die feit dat skole geneig is om steeds hul rol in die MIV/VIGS-epidemie te beskou in terme van hoe dit in die verlede gedefinieer is, naamlik as 'n rolspeler in voorkoming. Die bevindinge dui dus daarop dat daar in die onderwyssektor, vanaf onderwysers tot skoolhoofde, 'n verskuiwing in denke nodig is, wat erkenning verleen aan die feit dat hierdie tradisionele rol nie voldoende is om die behoeftes van die groot aantal weerlose kinders in Suid-Afrika aan te spreek nie. Die reaksie van skole sal ook moet uitgebrei om kinders in te sluit wat op ander

maniere deur MIV/VIGS affekteer word, bo en behalwe die huidige fokus op kinders wat die risiko loop om geïnfekteer te word. Dit is veral belangrik in die lig daarvan dat onderwysers toenemend met die kwessie van MIV-geaffekteerde kinders gekonfronteer sal word, soos die epidemie in Suid-Afrika toeneem.

Die bevindings is egter ook belangrik in dié sin dat dit vir onderwysers illustreer wat hul kontak met kinders kan beteken, en waartoe hulle in staat is. Die ondersoek het suksesverhale die lig laat sien, en dit wys dat onderwysers, selfs in 'n verarmde gemeenskap met vele ander uitdagings, wel oor die potensiaal beskik om hierdie visie vir 'n uitgebreide rol te verwesenlik. Daar word gehoop dat hierdie positiewe aksies en suksesverhale uitgebrei kan word deur die betrokkenheid van ander rolspelers te inkorporeer, dit met ander dienste in die gemeenskap te integreer, en deur leiers in die onderwyssektor aan te moedig om die voortou in hierdie verband te neem.

Die onderwysers en skoolhoofde se beperkte kennis oor waarheen hulle kinders kan verwys en watter hulpbronne tot hul beskikking is, dui egter op 'n gebrek aan organisering en koördinerings tussen die verskillende organisasies en instellings in die gemeenskap. Een van die belangrikste bevindings wat in die ondersoek na vore gekom het, is dat die onderwysers wel hul posisie en toegang tot die gemeenskap kan gebruik om in hierdie verband 'n sterk bydrae te lewer. Hierdie bevinding is relevant tot arm gemeenskappe, soos Llingeletu, waar daar 'n behoefte aan samewerking en integrasie is, aangesien dit aandui hoe onderwysers 'n rol in die daarstel van 'n verbetering van sodanige samewerking en integrasie kan speel. Beter samewerking en kommunikasie is nie net tussen rolspelers in die gemeenskap nodig nie, maar volgens hierdie ondersoek ook tussen verskillende skole, en tussen onderwysers van dieselfde skool, sodat dít wat beskikbaar is in die gemeenskap, optimaal benut kan word.

Volgens die Verenigde Nasies kan die MIV/VIGS epidemie daartoe lei dat verandering in die funksionering van skole vinniger plaasvind en dat hierdie veranderings voordele sal inhou vir geïnfekteerde en geaffekteerde leerders, sowel as vir leerders wat nie deur die epidemie geraak word nie, en dat dit ook ander sosiale probleme sal aanspreek (UNAIDS, 2004:12). Daar kan dus op grond hiervan geargumenteer word dat die veranderinge wat deur die bevindings van die ondersoek, en veral deur die identifisering van die uitdagings waarteen die onderwysers te staan kom, voorgestel word, positiewe gevolge vir die hele gemeenskap kan inhou. Een van die bevindings wat veral in die breër Suid-Afrikaanse konteks relevant is, is die belangrikheid van en behoefte aan groter samewerking en integrasie van bestaande

hulpbronne en dienste in die gemeenskap. So 'n kollektiewe reaksie tot MIV/VIGS kan verder beskou word as 'n geleentheid waarop langtermyn onderwys-, gesondheids- en sosiale behoeftes deur skole aangespreek kan word (UNAIDS, 2004:2) en sal nie slegs vir diegene wat deur die MIV/VIGS epidemie geraak word van waarde wees nie, maar ook vir die samelewing as geheel.

## Verwysingslys

- Ahuja, R. 2007. Towards an understanding of excellence in Urban Pedagogy: A Portrait of a High School. *The Qualitative Report* 12(1): 1-19
- Anderson, M.L., Howard, F.T. 2006. *Sociology: Understanding a Diverse Society*. Belmont: Thomson Wadsworth.
- Babbie, E. en Mouton, J. 2001. *The practise of social research*. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa
- Barnett, T. en Whiteside, A. 2002. *AIDS in the 21st century: disease and globalization*. Basingstoke: Palgrave Macmillan.
- Cohen, D. 2002. HIV and education in sub-Saharan Africa: responding to the impact. *Perspectives in Education* 20(2): 13-23.
- Coombe, C. 2004. Confronting the Impact of HIV and AIDS: the consequences of the pandemics for education supply, demand and quality. A global review from a Southern African perspective. *Policy Futures in Education* 2(1): 102-140.
- Coombe, C. 2002. HIV/AIDS and education (editorial). *Perspectives in Education* 20(2): vii-x
- Coombe, C. 2000. Keeping the Education System Healthy: Managing the Impact of HIV/AIDS on Education in South Africa. *Current Issues in Comparative Education*. 3(1): 14-27.
- Coombe, C. 2001. *Rethinking some of our perceptions about HIV/AIDS and education*. Resource paper presented to the Southern African Development Community Human Resource Development Sector Coordinating Unit meeting on HIV and education, University of Pretoria, February.
- Davies, M.B. 2007. *Doing a Successful Research Project using Qualitative or Quantitative Methods*. New York: Palgrave Macmillan
- Denscombe, M. 1998. *The good research guide for small-scale research projects*. Buckingham: Open University Press.

- Ebersöhn, L. en Eloff, I. 2002. The black, white and grey of rainbow children coping with HIV/AIDS. *Perspectives in Education* 20(2): 77-86.
- Frohlich, J. 2005. The impact of AIDS on the community. Pp. 351- 370 in S.S. Abdool Karim en Q. Abdool Karim (eds.) *HIV/AIDS in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Giese, S. 2003. *Strengthening schools as nodes of care and support*. Education Policy Round Table Meeting Report. Cape Town: Children's Institute, Human Sciences Research Council.
- Ghosh, J., en Kalipeni, E. 2004. Rising Tide of AIDS Orphans in Southern Africa. Pp. 304-316 in E. Kalipeni, S. Craddock, J.R. Oppong en J.Ghosh (eds.) *HIV and AIDS in Africa: Beyond Epidemiology*. Malden, Oxford & Victoria: Blackwell Publishing Ltd.
- Gouws, E., en Karim, Q.A. 2005. HIV Infection in South Africa: the evolving epidemic. Pp. 48-66 in S.S.A. Karim en Q.A. Karim (eds.), *HIV/AIDS in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press. 47-66.
- Hepburn, A. 2002. Increasing Primary education access for children in AIDS-affected areas *Perspectives in Education* (20) 2: 87-98.
- Kelly, M.J. 2000. Standing education on its head: Aspects of Schooling in a World with HIV/AIDS *Current Issues in Comparative Education* 3 (1): 28-38.
- Kelly, M.J. 2005. The response of the Educational System to the Needs of Orphans and Children Affected by HIV/AIDS. Pp 66-92 in Foster, G., Levine, C., Williamson, J.(eds.). *A generation at risk: the global impact of HIV/AIDS on Orphans and Vulnerable children*. London: Cambridge University Press.
- Kelly, M.J. 1999. What HIV/AIDS can do to education and what education can do to HIV/AIDS. Paper for presentation to the All Sub-Saharan Africa Conference on Education For All – 2000, Johannesburg, December.
- Marvatsi, A.B. 2004. *Qualitative research in sociology*. London, California & New Delhi: Sage Publications



- Moodley, J., Urbani, G., van der Merwe, A., en van der Walt, J.L. 2004. Die uitdagings van MIV/VIGS vir die 'gewone' klas- en vakonderwyser: 'n prinipiële besinning. *Koers* 69 (1): 57-79.
- Pharaoh, R., en Schönsteich, M. 2003. AIDS, Security and Governance in Southern Africa: Exploring the impact. *ISS Paper 65*. (January): 1-13.
- Powers, J.D. 2007. Successful and Collaboration in School-Based Research: Tips From a School Administrator. *Children and Schools* 29 (4): 247-250.
- Prinsloo, E. 2004. Die uitwerking van armoede, sosiale verval en ekonomiese agteruitgang op die nuwe onderwysbedeling in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 44 (2 &3): 158-166.
- Rayners, S. 2007. 'The leadership role of principals in managing HIV and AIDS at schools of the Western Cape Education Department.' PhD diss. University of the Western Cape.
- South Africa. Department of Social Development. 2005. *Policy framework for orphans and other children made vulnerable by HIV and AIDS in South Africa*. Pretoria: Government Printer.
- Skinner, D., Nkomo N., Mfecane S., Tsheko, N., Segwabe, M., Tlou, S., Mtero-Munyati S., Chibatamoto, P., Chandiwana B., and Chitiyo, G. 2004. *Defining Orphaned and Vulnerable Children*. Cape Town: Human Science Research Council Press.
- Smith, B. 2002. Atlas.ti for Quality in Qualitative Research: A CAQDAS Project. *Education as change*. 6 (1): 130-145
- Suid-Afrika. 2001. *Malmesbury Sensus*. Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van Munisipaliteit Swartland. Sentrale Statistiekdiens
- UNAIDS 2007. *AIDS epidemic update December 2007*. Geneva: UNAIDS.
- UNAIDS 2004. *The Role of Education in the Protection, Care and Support of Orphans and Vulnerable Children Living in a World with HIV and AIDS*. Geneva: UNAIDS
- Whiteside, A., en Sunter, C. 2000. *AIDS: The challenge for South Africa*. Human and Rousseau: Cape Town

Wilson, T., Giese, S., Meintjes, H., Croke, R., & Chamberlain, R. (2002). *A Conceptual Framework for the Identification, Support and Monitoring of Children Experiencing Orphanhood*. Pretoria: Save the Children UK.

World Bank (2002) *Education and HIV/AIDS: A Window of Hope*. Washington DC: The World Bank.

## **Addenda**

### **Addendum A: Onderhoudskedules**

<b>Onderhoude met skoolhoofde</b>
-----------------------------------

**Naam van skool:** \_\_\_\_\_

**Datum:** \_\_\_\_\_

**Graad/grade verwerf :** \_\_\_\_\_

#### **1) Vertroulikheids versekering:**

- Verduidelik aan die hoof die doel van die ondersoek (akademiese doeleindes)
- Verduidelik hoekom hierdie skool geselekteer is vir die gevallestudie (deel van 'n gemeenskap waar die probleem ter sprake is).
- Verduidelik dat die persoon nie hoof deel te neem nie en dat dit uit vrye keuse is.
- Verduidelik dat indien die persoon kies om wel deel te neem aan die ondersoek, die persoon se naam en besonderhede nooit bekendgemaak sal word nie en dat dit wat in die onderhoud gesê gaan word, nie aan besonderhede gekoppel sal word nie.
- Verduidelik dat die ondersoek nie direk gaan lei tot praktiese, fisiese hulp aan die skool of gemeenskap nie, maar verduidelik dat ek simpatie het met die situasie en dat ek hoop om deur my tesis lig sal werp op hul probleme en dat hul stem so gehoor sal word.

#### **2) Biografiese inligting:**

- Ras (soos waargeneem) : \_\_\_\_\_
- Geslag: (soos waargeneem) : \_\_\_\_\_
- Ouderdomsgroep:  20's  30's  40's  50's

### 3) Vrae:

- Wat dink die skoolhoof is die rol van onderwysers in hierdie konteks? Met ander woorde, dink die skoolhoof dit kan verwag word van onderwysers om hierdie kinders te ondersteun?
- Vind uit of die skool 'n program in plek het om kinders weerloos gelaat in die konteks van MIV/VIGS te identifiseer en te ondersteun? (beskrywing van die program)
- Buiten die skool, weet die hoof van ondersteunings dienste of hulpbronne in die gemeenskap wat die kinders kan ondersteun? (spesifiek ten opsigte van MIV/VIGS; beskrywing van die betrokkenheid van die gemeenskap en ook hoe die skool hierby inpas; voorbeelde van ondersteuningsdienste in die gemeenskap is betrokkenheid van kerke, maatskaplike werkers, ensovoorts)

<b>Onderhoude met onderwysers</b>
-----------------------------------

**Naam van skool:** \_\_\_\_\_

**Datum:** \_\_\_\_\_

**Graad/grade verwerf :** \_\_\_\_\_

**1)Vertroulikheids versekering:**

- Verduidelik aan die persoon die doel van die ondersoek (akademiese doeleindes)
- Verduidelik hoekom hierdie skool geselekteer is vir die gevallestudie (deel van 'n gemeenskap waar die probleem ter sprake is).
- Verduidelik dat die persoon nie hoef deel te neem nie en dat dit uit vrye keuse is.
- Verduidelik dat indien die persoon kies om wel deel te neem aan die ondersoek, die persoon se naam en besonderhede nooit bekendgemaak sal word nie en dat dit wat in die onderhoud gesê gaan word en nie aan besonderhede gekoppel gaan word nie.
- Verduidelik dat die ondersoek nie direk gaan lei tot praktiese, fisiese hulp aan die skool, onderwysers of gemeenskap nie, maar verduidelik dat ek simpatie het met die situasie en dat ek hoop om deur my tesis lig sal werp op hul probleme en dat hul stem so gehoor sal word.

**2) Biografiese inligting:**

- Ras (soos waargeneem) \_\_\_\_\_
- Geslag (soos waargeneem) : \_\_\_\_\_
- Ouderdomsgroep:  20's  30's  40's  50's

### 3) Vrae:

- Het die onderwyser al te doen gehad met kinders in die skool wat weerloos gelaat is in die konteks van MIV/VIGS? (met ander woorde, geaffekteer of infekteer deur MIV/VIGS)

(Konseptualiseer weerloos: kinders met terminaal siek ouers (MIV/VIGS), kinders wat in enkel ouer huishoudings woon agv MIV/VIGS, kinders met werklose versorgers agv MIV/VIGS. Aanduiders van weerloosheid is: honger, verlies van opvoeding, siekte, emosionele kwessies, verlies van hulpbronne, verlies van versorger a.g.v. MIV/VIGS).

- Indien ja, wat was die onderwyser se optrede in bogenoemde situasie? Watter aksie/s is deur die onderwyser geneem? Het die onderwyser geweet wat om te doen?
- Hoe voel die onderwyser oor dit wat van hul verwag word in hierdie konteks? (Met ander woorde, dink die onderwyser dit is hul plig om hierdie leerders te help?)
- Voel die onderwyser dat hulle kan help? Indien nie, wat beperk hulle?
- Weet die onderwyser van ondersteuningsdienste of hulpbronne wat tot hulle beskikking is?
- Indien ja gebruik hulle dit?

## Addendum B: Getranskribeerde onderhoude met skoolhoofde en onderwysers

### Onderhoude met skoolhoofde

#### Skoolhoof A

**E:** What I want to talk to you about is vulnerable children, with vulnerable I mean: children in the school who are infected or affected by HIV/AIDS. This also includes: children with terminally sick parent as a result of HIV/AIDS, children who live with single parents as a result of HIV/AIDS, children whose parents/caregivers can't work as a result of HIV/AIDS. Signs of vulnerability are: hunger, gaps in education, emotional issues, loss of resources, loss of caregiver as a result of HIV/AIDS.

Have you ever had any contact with a child like that, do you know of children?

**T:** In Llingeletu?

**E:** Yes, or in your school.

**T:** No, I have no child with HIV in the school.

**E:** Ok, maybe someone who has family.

**T:** Yes, I've got it in my family.

**E:** oh, in your family?

**T:** Yes, is the wife of my brother.

**E:** Ok, your brother's wife. And do you know of any of the children in the school?

**T:** No.

**E:** And any of their parents?

**T:** No, the parents have a problem. They don't want to speak to make a report to me and tell their child have got HIV. She says every time that she admits a child; my child has got no disease. So I've got no plan about that.

**E:** So they don't talk to you about it?

**T:** I talk to them; I say to them, if you not tell that your child has got HIV, you must think your child is going to affect other children, so you must tell me the truth. So black people have a big problem with that. They don't want to talk.

**E:** But do you think that maybe there are children whose parents have HIV?

**T:** Yes, I think so because I here outside that the mother has HIV, I think that maybe this child has HIV, but I don't talk loudly, I must keep inside, because the parents did not tell me about that.

**E:** OK. But you think there are some children who come from families with HIV? But you don't know for sure?

**T:** yes

**E:** So you can't really do anything, because you are not sure. But if you see, say there is a child that misses school a lot, do you do something? Do you try and help or try to find out what's going on?

**T:** Yes, I, at grassroots, I was learned there that if the parents don't want to talk about HIV, I must have a meeting, parent-meeting for parents, to give me permission to get nurses to come to the school to check the kids for HIV, but I didn't do it, because the black people have a big big big problem about this things. So firstly, I am going to think firstly, what I can do.

**E:** So you want to do something. But it is very hard.

**T:** Yes, it is very hard. And last month I was call a meeting of the committee, I must tell them that we must write a letter to the clinic to request a nurse or a sister to help the school.

**E:** So is it the clinic here in Llingeletu?

**T:** No, it is in Wesbank.

**E:** So they can help you with this?

**T:** Firstly, I've got to know... I've got a kit for my First Aid, because I got it a grassroots. But I need a thermometer, I've got no tablets for the children, I've got no something to check the children and that is why I want to write the letter to the sister.

**E:** So you would ask her to come into the school and to come help you.

**T:** Yes

**E:** DO you feel that it can be asked of you as a teacher to help children who come from households with HIV/AIDS? Or do you think that you must just teach them your subjects?

**T:** No, as I was trained at grassroots, I must help children who have HIV because I know about it and I know about the policy of HIV, so if the parents come to me and ask about a plan, request a plan, I must do it.

**E:** So you feel you can help?

**T:** Yes. And I love the children who have HIV because that children have a big thing so sometimes I must admit the children has HIV and I must protect them and the other children, and I must teach the normal children what is HIV and I must teach the children they must love this children, but I can't point this children have got HIV, I must only teach, I can't.

E: Yes, you can't. So you say that you would then use the nurse to come in and check on the children and that way you will also know.

T: Yes, and I must give a plan, I must call the parents for give a plan, because this disease is very strong, other parents are not educated, they don't understand now what happened. So I must call them, parent, for that parent have got a HIV child, so I must call him or call her and talk to him and tell the parents how it works and what to do

E: So you would like to inform the parents? You would like them to speak openly about it. But it is very hard.

T: Yes, it is very hard.

E: ok, you've talked about going to the nurse and asking her to help because you don't have the right resources here in you school. Is there anything else that you need to be able to help the children?

T: Yes, the support group must help me and the teamwork.

E: Who would you like to be in the support group?

T: The support group, they give me support. Like they council, if you work with a support with a support group, they council the parents.

E: So you want to have access to people who can council the parents.

T: Yes,

E: Yes, because it is not an easy thing to do, you have to be trained as a counsellor.

T: yes

E: And teamwork?

T: The parents and the teachers and the sisters must work together.

E: Sisters of the?

T: Sisters of the clinic.

E: That's very good, that would help. More teamwork in the community. Ok, the last thing, do you know of anything else besides the clinic, in the community which can help you?

T: about HIV/AIDS?

E: Yes

T: Yes, the churches the churches must help the children, but because of the other children, the other children have no right food, you know healthy food, so the churches must give the children help. And the other and they must give support,

E: Are there churches all ready doing this or not really.

T: No, in Llingeletu, the churches of Llingeletu is a big, they have a big thing, it is the black people here, when you come with your thing and you are now stay, they hear you talk, but after all they don't want to do anything, but I think the churches must have a plan about these children.

E: So you need a plan to help the children?

T: Yes.

E: Ok, so you do think that if I say that there are vulnerable children here, children who are infected or children whose parents are infected, you do think there are children like that in Llingeletu?

T: Yes

E: So you have seen it, or you hear about it?

T: Yes I hear about it, but I can't do anything about it, because this is the status of her, so I can't speak about it, your status because of it is a secret. But, for instance I take the tablets for stress at the clinic, but when I am there I see that this side is the people who has HIV and that side is the people who have stress and I see that lady has HIV and that man has HIV, but I can't speak out. For instance there is one person, she came to me, talk to me about this and I encourage her and when my brother's wife has HIV she came to me and she cried and I say to her, don't cry, you must have a healthy food and you must take a treatment and you must protect yourself. SO now, she is fat and she has no problem about that now, so other people, it is very difficult to speak about this.

E: So would you say that is the biggest problem here?

T: Yes, so now I think that I must do something about the parents, because the parents have no right not to tell me about their children's status, because I don't know this one has HIV and that one has no HIV and I can't check it without the parents, so I must think and do a plan about that.

E: So you would like to have a plan like that, what to do?

T: Yes, I am thinking now what can I do.

E: I see you have a policy (Poster on wall) is that the policy you get from government?

T: No from grassroots, everything that you see is from grassroots.

E: Grassroots is where you study?

T: Yes.

E: They helped you with the policy?

T: Yes and I am happy because I learn a lot there.

E: That is it, thank you very much.



## Skoolhoof B

E: The first question is what do you think is the role that a teacher should play in this context?

T: The first thing is that the teacher should teach the child. And secondly if the child is HIV positive, the teacher should support the child and talk to the child and accept the child. The teacher must work hand in hand with parents so that the child is comfortable and also gets the treatment so that the child can continue with his or her studies.

E: So you want the teachers to get involved?

T: Yes. They must be involved as they are involved with the child's education.

E: Do you have a programme in the school to help teachers identify children who are in this situation?

T: No, they just see it from the parents and the parents are here to tell the teacher that their child is sick.

E: Do you know about any support services in the community which supports children?

T: No. I don't know any.

E: So you don't make use of the local services?

T: No.

## Skoolhoof C

E: So the first question to you is, what do you think is the role that the teacher should play in that context?

P: Concerning these vulnerable children?

E: Yes.

P: I think that we must give them our full support in terms of, we teach them that they must abstain from sex and all that stuff and also how do you handle a person who is HIV positive and not to discriminate against that person and then the other support is that we can give is that I believe that they should be involved in other projects, community projects.

E: Ok, so you think that they should have a bigger role?

P: Yes. And then the school must have a programme, where they interact with the community, the programmes which exist in the community to counteract this disease.

E: So you believe that they should not just have a role as a teacher of their subject?

P: Yes. Because sometimes you that in a class situation and then practically there is nothing. So you must give them the theory in the class room and then practically they see to it that these people are interacting with the people who are HIV positive and whose families are affected so that in the end they don't feel that they are eliminated in the community.

E: So you want the teachers to play that role to show that infected and affected people are accepted.

P: Yes.

E: Does the school have a programme to identify vulnerable children?

P: I cannot say, but there is a lady teacher who is involved in a HIV programme, but at the moment it has not been thoroughly scrutinized, it is just in the initial stage whereby there must be some policies and even in the classroom there must be posters which reflect that we are involved in the classroom. But only a few classes have the posters. And it means that there is a lot that needs to be done in terms of empowering the teachers and the learners. It only ends up in the life orientation and life skills that mean that we are giving them limited information because I believe that we need to involve them as much as we can.

E: Involve the learners?

P: Yes, we must also invite some of the stakeholders of programmes.

E: So the lady teacher, is she involved with a programme in the school?

P: Yes.

E: She is in charge?

P: Yes. The programme that usually comes and works with the school is Love Life. They come here and do a lot of awareness programmes. That is the only one that I have seen. In terms of an organisation from the community, none. I don't want to lie to you.

E: So they are not involved in the school?

P: No, although we are expecting programmes like the Multipurpose, because they are directly interacting with the community and early last year they said that they are working on programmes to involve the school, but up to now, nothing.

E: What are they called?

P: The multipurpose centre, you should go there. Places like the clinics, it is rare here. And they have to walk a long distance and wait there in a queue. Even the municipality and the government, they need to look at that problem because we need a clinic of our own here and it must be near here.

E: So that is a big need in the community?

P: Yes, it is bad.

E: We have actually covered the last question, apart from the school I want to know if you know about any other support services in the community, but you already said there is the Love Life programme and the Multipurpose centre and the clinic.

P: Yes.

E: Do you live here in Malmesbury?

P: No, I live in Paarl.

E: So you drive through every day?

P: No, I live in town now, in Malmesbury.

E: Ok, thank you very much.

## Onderhoude met onderwysers

### Onderhoud 1 van 3 by Siphumeze Educare Centre

E: The first thing I want to talk to you about is if you know vulnerable children, like we just talked about. Children who are infected with HIV or whose families are affected.

T: No. Not in school.

E: And in the community?

T: No.

E: So you don't know about anyone in the schools who is vulnerable. Have you noticed maybe kids who miss school a lot, not attending every day?

T: No, it is difficult because the parents don't talk to you.

E: They don't talk to you about HIV.

T: They don't talk.

E: So you don't know about the kids because the parents don't talk.

T: I told the parents that maybe they should tell the principal if maybe they want to talk.

E: So you encourage them to talk.

T: They must talk to somebody if they don't want to talk to me.

E: It is difficult to talk about it yes.

T: Especially in this place.

E: Why do you say that?

T: The people here do not take it seriously; they think it is a joke.

E: So the community does not really talk about it.

T: And also they are not supportive, they depend on themselves. That is the main problem.

E: So people do not want to talk about it with others.

T: Yes.

E: What I want to talk to you about is if you know about who you think may need some help, because maybe his mother or father is sick, do you think that you will be able to help?

T: Can you talk again?

E: Ok, is you see that there is a child who for example misses school a lot, and maybe comes to school feeling hungry and you think that it can be because of HIV/AIDS, what do you think that you can do?

T: Ok, I think that the child needs to feel comfort and the child needs to eat right, fruit.

E: So you feel that you will help and you want to help?

T: yes

E: What would you say that need to help the child, from the community, what would you like to have?

T: I will find out at home, sometimes they have other problems at home, some parents drink or use drugs.

E: So you will try to find out the situation at home. What do you think that you need from the community to help?

T: I need to have some support groups, there are no support groups.

E: Who would be in the support groups?

T: Home based carers to help.

E: Do you have home based carers in Llingeletu?

T: Yes, but they are not strong; they do not support us here.

E: So they are here in Llingeletu?

